

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 17, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2017 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

## Bou geloof en moed

As Hoofredakteur van hierdie tydskrif het ek 'n Godgegewe verantwoordelikheid om werklik al ons intekenare te *dien*. Op hierdie oomblik is spanning in baie nasies na aan kookpunt! Miljoene mense in Amerika is *werklik ontsteld* oor die verkiesing van Donald Trump – dit was 'n **skok** vir die media elite, wat glad nie voorsien het dat dit sou gebeur nie. Bykomende miljoene mense is ontsteld en diep bekommerd oor die “Brexit” stem wat aandui dat Brittanje sonder twyfel uit die Europese Unie sal onttrek. Dit sal 'n groot omwenteling in hierdie Europese projek tot gevolg hê. China en Rusland is deur die onlangse gebeure geraak en spanning is oor die hele wêreld aan die toeneem! Namate ons in hierdie Werk van die grote God voortgaan om die *volle waarheid* oor wie ons is te verkondig asook van wat werklik voorlê, sal **miljoene** mense erg **aanstoot neem** en dit sal tot die vervolging van God se ware volgelingen lei, net soos Jesus Christus profeteer het.

Sal u gereed wees? Sal u die *geloof* en **moed** openbaar wat u beslis in die jare wat voorlê nodig sal hê? Sal u geestelik sterk genoeg wees om te “volhard tot die einde” toe?

### Geen lafaards in God se Koninkryk nie!

Na aan die einde van die Bybel gee God 'n paar belangrike “aanduidings” van watter soort mense

Hy in Sy ewige Koninkryk as toekomstige “koning en priesters” wil hê om in die komende Koninkryk van God in hierdie wêreld onder Jesus Christus te heers. God se Woord sê: “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die **vreesagtiges** aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodediensers en al die leueners – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood” (Openbaring 21:7-8). Let daarop dat *almal* van ons “oorwinners” behoort te wees. Let veral daarop dat die eerste eienskap wat God noem ons **uit** die ewige lewe sal hou, is “lafhartigheid”!

*Wat!*

Elkeen van ons moet 'n sterk en blywende **geloof** ontwikkel dat die Almagtige God **werklik** is en dat Hy ons “nooit [sal] begewe en nooit [sal] verlaat nie” (Hebreërs 13:5). Daarna moet elkeen van ons gewillig wees om dit deur te voer en aan ons Skepper **gehoorsaam** te wees, selfs wanneer dit “gewaagd” lyk om dit te doen. Almal van ons onthou die stories van Daniël in die leeuken, die verhaal van Sadrag, Mesag en Abednégo in die vuuroond asook die voorbeeld van die Apostels wat gedreig is oor die verkondiging van die waarheid. Soos hulle die Joodse leiers wat hulle gedreig het geantwoord

het: "Ons moet aan **God** meer **gehoorsaam** wees as aan die mense" (Handelinge 5:29).

Deur die bladsye van hierdie tydskrif, die *Tomorrow's World* TV-programme, ons verskeidenheid boekies en die uitstekende *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus*, hoop ons om u te help om *deeglik te bewys* dat God **werklik** is en dat Hy u **nooit** sal begewe of verlaat nie. Elkeen van u behoort uself *nou* te begin afvra of u werklik gewillig is om die beproewinge en toetse wat voorlê te trotseer, soos nasies wat uitmekaar spat, etniese oorloë, oproer oor voedsel en ander rampe begin om ons nasies uitmekaar te skeur.

### Geloof wat tot gehoorsaamheid lei

Een van die dapperste manne wat in die bladsye van die Bybel genoem word, is koning Dawid van antieke Israel. Dawid wys herhaaldelik in sy geskrifte in die Psalms die noodsaaklikheid uit van *absolute geloof* in die grote God wat ons lewens in 'n rigting stuur en beskerm – wie uiteindelik *in beheer* van wêreldsake *is*. Let op na die konstante klem in Psalms om u *geloof* of "vertroue" in die Almagtige God te plaas. In Psalm 5:12 is Dawid geïnspireer om ons mee te deel: "Maar laat hulle almal bly wees wat by U **skuil**; laat hulle vir ewig jubel, en beskut U hulle ..." In Psalm 7:2 skryf hy: "HERE, my God, by U **skuil** ek; verlos my van al my vervolgers en red my; ..." In

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Bou geloof en moed

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Die reïne waarheid oor die Protestantse Hervorming 3

Wat is die waarheid agter die Hervorming wat Martin Luther 500 jaar gelede geïnspireer het? Hierdie eerste artikel in 'n opwindende nuwe reeks sal aan u verduidelik wat so min mense werklik verstaan!

#### Pous Francis en die Hervorming 16

#### Maak gereed om die Aarde te beërf 17

Baie mense is van mening dat hulle ná hulle dood die ewigheid in die hemel sal deurbring, alhoewel die waarheid oor God se plan vir ons toekoms veel meer inspirerend is as dit. Dit is nou die tyd om voor te berei!

#### Werke van Sy hande 21

Tuiste, lieflike (kosmiese) tuiste!

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 23

#### Keerpunte in wêreldgeskiedenis 24

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Kuns Redakteur

John Robinson

### Besturende Redakteur

Wallace Smith

### Streksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

### Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

### Streekkantore

#### VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# 500 Jaar van die Protestantse Hervorming

## DEEL 1

### Van die Redakteurs:

Omdat die jaar 2017 die 500ste jaar van die Protestantse Hervorming verteenwoordig, het dit na die ideale geleentheid gelyk om “terug te gaan in die geskiedenis” en die ware betekenis van die Hervorming – wat baie min mense werklik verstaan – glashelder vir ons lesers te maak. Hierdie artikel is die begin van 'n reeks om lig te werp op die onderwerp wat ons bevoorreg is om met u te deel.

**Roderick C. Meredith**, die Hoofredakteur van die Wêreld van Môre-tydskrif en Voorsittende Evangelis van die Lewende Kerk van God was besonder gekwalifiseerd om hierdie reeks te skryf. Sy bediening het oor ongeveer 65 sal weet jaar gestrek, vanaf die vroegste jare van die wêreldwye werk van Herbert W. Armstrong tot vandag se multimedia voortsetting van daardie Werk om die wêreld met die Evangelie van die komende Koninkryk van God te bereik. Dr. Meredith was lank 'n kenner van die geskiedenis en betekenis van die Protestantse Hervorming en hierdie reeks bevat sy navorsing oor hierdie hoogs misverstande onderwerp. Dit sal die waarheid oor die Hervorming verduidelik – 'n waarheid wat tot gevolg sal hê dat u die laaste 500 jaar van die godsdiens wat Christenskap genoem word, in 'n heel ander lig sal sien.

*Ons hoop dat u hierdie splinternuwe reeks sal geniet!*

# Die reine waarheid oor die Protestantse Hervorming

**Roderick C. Meredith**

Die Protestantse beweging word vandag ondersoek. Die Protestantse Hervorming het 'n Babilon van honderde verskillende denominasies tot gevolg gehad. Hulle wissel in geloof en gebruike al die pad van fundamentalistiese Kwakers tot moderne Kongregasionaliste, van oorspronklike Metodiste tot Christelike Wetenskaplikes, van konserwatiewe Lutherane tot Mormone, Sewende-dag Adventiste en Jehova Getuies – met honderde skakerings tussenin.

Wat is vandag die werklike grondslag van die Protestantse Kerke regoor die wêreld? Waarom het hulle vroegste leiers teen die gesag van die Rooms-Katolieke Kerk in opstand gekom? Tot watter mate is hulle verantwoordelik vir vandag se “verdeelde Christendom”?

Het die Protestantse hervormers daarin geslaag om hulle verklaarde doelstellings te bereik? Nog belangriker, het hulle met die herinstelling van die geloof en oortuiging van Jesus en die geïnspireerde

Nuwe-Testamentiese Kerk geslaag? Die eintlike vraag is of die Protestantse hervormers en hulle opvolgers daarin geslaag het om terug te keer na die “geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is” (Judas:3).

Hierdie vrae is *uiters belangrik*. Baie van ons is van kleins af grootgemaak in een van die vele denominasies of sektes wat uit die Protestantse Hervorming spruit. Ons het aanvaar – soos *elke* kind doen – dat wat ons geleer word

heeltemal waar is.

Ons het natuurlik egter almal *verskillende* dinge geleer!

Die Skrif sê aan ons: “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21). Die doel van hierdie reeks is dus 'n objektiewe ondersoek na die werklike faktore wat onderliggend aan die Protestantse Hervorming is. Ons sal probeer om uit te vind *waarom* die vroeë hervormers teen die Rooms-Katolieke stelsel in opstand gekom het en *waarom* die verskillende Protestantse groepe hulle vorm aangeneem het soos wat hulle wel gedoen het. Deur van die onpartydige feite van die geskiedenis gebruik te maak sal ons in beginsel die *leerstellings, metodes en aksies* van die Protestantse hervormers met die Bybel vergelyk, waarop hulle aanspraak gemaak het om te volg.

### Die grondslag van beoordeling

Met inagneming van die huidige tendens na die modernisme en verwerping van die Bybel as 'n geïnspireerde gesag, laat ons dit net duidelik stel dat hierdie reeks uit die oogpunt van 'n fundamentalistiese, letterlike begrip van die Bybel geskryf is. Hierdie geïnspireerde openbaring van God sal die maatstaf van waarheid wees.

Van daardie lesers wat moderniste, of dalk van die “hoër kritici” is, vra ons eenvoudig net: Het u werklik *bewys* of die Bybel bonatuurlik geïnspireer is of nie? 'n Goeie manier om dit te weerlê sou wees om oortuigende

bewyse voor te lê dat die talle profesieë wat spesifieke uitsprake gelewer het oor die groot stede en nasies van die antieke wêreld, nie plaasgevind het nie. Ongelukkig vir u saak, was niemand nog in staat om dit te doen nie.

Nog 'n toets sou wees om God op Sy Woord te neem, u aan Sy wil te onderwerp, om in werklike geloof en in alle erns gelowig te bid en aanspraak te maak op een van die vele spesifieke beloftes in die Bybel en dan te *sien* of die wonderwerkende God op Sy Woord sal teruggaan.

Natuurlik het die moderniste dit nie gedoen nie. Hulle kon *nie daarin slaag* om te bewys dat die Bybel nie geïnspireer is nie. Daarom is dit dalk goed om onself daaraan te herinner dat dit intellektuele skynheiligheid is om te spot en iets as belaglik uit te maak wanneer daar geen *bewyse* van die teendeel is nie.

Daarom sal ons die Bybel as die algehele geestelike “maatstaf” gebruik waarteen ons die Protestantse Hervorming meet.

Ons sal ook die stellings van die hervormers self aanhaal oor wat hulle van plan was om te doen. Ons sal die geskiedkundige dokumente ondersoek om te sien wat hulle werklik gedoen het. Daarna sal ons stellings van hulle Protestantse nageslag in aanmerking neem en *hulle* toelaat om 'n oordeel te vel oor die uiteindelijke resultate van die Hervorming.

### Die Protestantse doelwitte

Ons sal die bekende gesegde van William Chillingworth, die Protestantse teoloog, ondersoek: “Die Bybel, die hele Bybel en niks anders as die Bybel nie, is die godsdiens van die Protestante” (Schaff-Herzog, *Encyclopedia of Religious Knowledge*, “Chillingworth, W”). In hulle konstante bevestiging van die Skrif as “die geïnspireerde reëls van geloof en praktyk” (Schaff-Herzog, “Bible”), het die Protestantse leiers hulleself daartoe verbind om die godsdiens van Jesus Christus en Sy apostels in alle opsigte na te volg.

Die Lutherane het in hulle *Torgau Book* van 1576 verklaar dat “die *enigste maatstaf* waarteen alle dogmas en alle onderwysers opgeweeg en beoordeel moet word niks anders is as die profetiese en Apostoliese geskrifte van die Ou en die Nuwe Testamente nie” (T. M. Lindsay, *A History of the Reformation*, bl. 467).

Die gemiddelde Protestant van vandag aanvaar gewoonlik hierdie stellings op sigwaarde en neem aan dat hulle ten minste baie na aan die waarheid moet wees. Ons sou vra: Was dit werklik gedurende die verloop van die Protestantse Hervorming waar? Is dit nou waar?

Dit is goed om ook te onthou dat John Knox in sy geskrifte en onderrig tussen ander hervormers erken het “dat alle aanbidding, verering, of diens aan God wat deur die menslike brein in die godsdiens van God bedink is sonder Sy eie



uitdruklike gebod, afgodery is". Hy voeg dan oortuigingskrag en standpunt by sy verklaring deur te sê "dit sal nie as verskoning kan dien om te sê: Ons vertrou nie op afgode nie, want so sal elke afgodedienaar sê; maar as u of hulle tot God se eer enigiets teenstrydig met God se Woord doen, toon dit dat vertrou in iets anders gestel word dan in God en is dit dus afgodery. Let daarop broeders, dat baie mense 'n afgod van hulle eie wysheid of fantasie maak; meer vertrou stel in dit wat hulle dink goed is en nie in God nie" (William Hastie, *The Theology of the Reformed Church*, bl. 50).

Knox se waarskuwing teen valse "diens aan God, wat deur die brein van die mens uitgedink" is, is sekerlik gelystaande aan Jesus se veroordeling van die "tradisies van mense" (Markus 7:7-8). Dit is baie belangrik dat ons hierdie beginsel verstaan voordat ons probeer om die ware betekenis van die Protestantse Hervorming te begryp. Soos Salomo met wysheid geskryf het: "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood" (Spreuke 14:12).

Ons moet nie die Hervorming in die lig van menslike idees sien en wat redelik voorkom nie, maar in die lig van Christus se woorde: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God" (Lukas 4:4). Ons behoort ook Jesus se waarskuwing teen menslike tradisie in ag te neem en die feit dat die hervormers hierdie beginsel verstaan en

daarop aanspraak gemaak het dat hulle 'n rigting ingeslaan het wat "slegs op die Bybel" gebaseer is.

### Was God se Ware Kerk "hervorm"?

Alhoewel baie Protestante nie daarvan hou om die onderwerp te bespreek nie, moet ons 'n ander baie belangrike oorweging in aanmerking neem, naamlik om die belangrikheid van die Hervorming reg te verstaan. Was die Protestantse beweging 'n hervorming van God se ware Kerk wat die spoor bystergeraak het? Is die Rooms-Katolieke Kerk dan werklik die misleide afstammeling van die Kerk wat Jesus Christus gesê het Hysou bou?

Indien nie, was die Protestantse beweging bloot 'n menslike poging om hulleself van 'n valse en streng stelsel te bevry, wat hulle as heidens en duiwels in baie van hulle oortuigings en gebruike herken het? In daardie geval, *waar was God se ware Kerk* in al die eeue tussen die oorspronklike Apostels en die Protestantse hervormers?

Jesus Christus het gesê: "... en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie" (Matthéüs 16:18). Aan die einde van Sy aardse bediening, het Hy ook Sy apostels beveel: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle

beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matthéüs 28:19-20).

Waar was die Kerk wat Jesus gestig het aan die begin van die Hervorming? Die Kerk aan wie Hy beloof het: "Ek is met julle al die dae"? Indien dit die Rooms-Katolieke Kerk was, dan het die Protestante eenvoudig – soos die Katolieke geskiedkundiges beweer – in opstand gekom teen die Kerk van God op aarde.

In hierdie geval, so veel soos hulle begeer het om toestande *binne* die ware Kerk te verbeter, moes hulle onthou en geluister het na die woorde wat Christus gesê het ten opsigte van die skrifgeleerdes en Fariseërs – die verdorwe, maar regmatig aangestelde godsdiensteleiers van Sy tyd: "Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, ..." (Matthéüs 23:3).

Indien dit egter die geval is dat die kerk van Rome nie die Kerk is wat Jesus gebou het nie, *waarom het die hervormers dan nie daarna gesoek en verenig met daardie Kerk wat nog nooit aan die heidensheid van Rome deelgeneem het nie en nie deur sy valse leer en invloed besmet was nie*, die Kerk vir wie Jesus beloof het om met hulle te wees tot aan die einde van die wêreld, die Kerk waarvan Hy die lewende Hoof is (Efésiërs 1:22)?

Waarom is *baie nuwe kerke* begin indien daardie *een ware Kerk* nog bestaan het?

Was dit nodig om net die geloof en morele waardes van daardie *individue* te reinig wat bereid was om uit 'n korrupte Roomse stelsel te kom?

Hierdie vrae *vereis* 'n antwoord! Soos ons later sal sien het baie Protestantse leiers wat geweet en geglo het dat Rome hulle ware bron is, probeer om sy aanspraak as die ware liggaam van Christus op aarde, te regverdig. Hierdie vermoede vereis 'n noukeurige ondersoek.

Is die “moeder”-kerk in Rome die enigste geskiedkundige basis vir die Protestantse argument oor die herkoms van Christus en Sy apostels? Ons sal sien.

### Vandag se “Christendom”

Ons moet enige godsdienstige denominasie of beweging opweeg teen Christus se profetiese woord: “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie duiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte” (Matthéüs 7:16-17).

Die eerlike geskiedkundige sal gedwing word om te erken dat die Hervorming 'n toenemende belangstelling en kennis van die Bybel by die gewone man op straat aangewakker het. Die herlewing van die onderwys en die kunste is ook deur die Renaissance geïnspireer en het meer geredelik na die hele bevolking van daardie nasies versprei as wat die Protestantisme aanvaar het. Toegee, die Protestantse

lande het 'n veel hoër vlak van onderrig gehandhaaf as die Katolieke nasies. Net so het hulle 'n veel hoër lewenstandaard geniet, materialisties gesproke.

Om egter weer na die ware oorsprong van die probleem terug te keer, hoe vergelyk die *geestelike* standarde van die moderne Protestante met dié van die geïnspireerde Nuwe-Testamentiese Kerk?

Het 'n werklike terugkeer na die “Christenskap van die Apostels” plaasgevind of lê daar noodwendig nog 'n ander baie groot “reinigings- en suiwerings-” godsdienstige omwenteling voor in die toekoms?

Terwyl Hy met Sy dissipels oor die Fariseërs, die godsdienstige leiers van Sy tyd gepraat het, het Christus gesê: “Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal onwortel word” (Matthéüs 15:13). Is die “vrugte”, wat die resultate van die Protestantse Hervorming is, sodanig dat dit aan ons wys dat hierdie beweging deur God begin is en tot Sy eer gebruik word?

Die doel van hierdie reeks artikels is om die talle vrae wat hierin uitgelig word, te beantwoord. Ons sal tot by die oorsprong van hierdie vrae kom.

Laat ons aan die begin weer herinner word dat die Protestantse Hervorming deur elke eerlike Christen in die lig van die duidelike leerstellings en voorbeelde van Christus en die Apostels gesien moet word – “die Bybel en niks anders as die Bybel nie”, waarop Protestantse

leiers aanspraak gemaak het om hulle “enigste reël van geloof en praktyk” te wees.

Indien die Protestantse geloof waar is, dan kan ons bewys dat dit so is. Ons behoort egter nie sonder bewyse te *aanvaar*, dat die leerstellings, oortuigings en gebruike van moderne Protestantisme die godsdiens verteenwoordig wat deur Jesus Christus, die Seun van God, sy ontstaan gehad het nie.

Ons moet dit bo alles *weet*. Ons moet *seker* wees. Ons moet nie bang wees om Christus en Sy Woord te vergelyk met dit wat voorgegee word om Sy Kerk in ons tyd te wees nie.

Dit is 'n regverdige uitdaging.

### Christendom na die apostels se dood

Alle geleerdes stem saam dat die Protestantse hervormers van die geskiedkundige Katolieke Kerk weggebreek het.

Baie min leke beseft die geskiedenis van die agteruitgang en die volslae verdorwenheid waartoe daardie liggaam gesink het voordat die oproep tot hervorming weerklink het. 'n Beseft van hierdie feit en 'n begrip van die geskiedkundige agtergrond van die Protestantse Hervorming, is baie belangrik om dit behoorlik te verstaan.

Dit word algemeen erken dat die *gesiene* kerk in die vroeë Romeinse Ryk baie van die oortuigings en gebruike van Christus en die Apostels *heeltemal verander* het. Ons behoort die aard van hierdie

veranderinge te verstaan om die latere Hervorming behoorlik te kan evalueer. Wanneer ons na die rekord van die Roomse stelsel kyk, behoort ons onself af te vra: “Is dit die geskiedenis van God se ware Kerk wat verkeernd gegaan het?”

### Vroeë afvalligheid

Binne vyftig jaar ná die dood van die oorspronklike Apostels, het 'n raaiselagtige verandering van die leerstellings en aanbidding plaasgevind. Soos Jesse Lyman Hurlbut opmerk: “Vir vyftig jaar ná Paulus se lewe hang daar 'n gordyn oor die kerk waardeur ons tevergeefs probeer kyk; en wanneer dit uiteindelik so teen 120 n.C. met die geskryfte van die vroegste kerkvaders lig, vind ons 'n kerk wat *in baie aspekte baie verskil* van dié in die dae van Petrus en Paulus” (*The Story of the Christian Church*, bl. 41).

Hierdie ongewone transformasie herinner ons aan die onheilspellende woorde van Paulus: “... want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels” (2 Timótheüs 4:3-4). Petrus het in sy tweede sendbrief 'n soortgelyke waarskuwing gegee: “Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en

ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word” (2 Petrus 2:1-2).

Trouens, teen die tyd van die apostel Johannes se laaste brief, ongeveer 90 n.C., was verdraaiings van die ware geloof reeds aan die orde van die dag en valse leraars het voorrang verkry in die gesiene Kerklike gemeentes. Johannes sê dat ene Diótrefes reeds diegene uit die kerk geban het wat aan die waarheid vasgehou het, en “ontvang hy nie alleen self die broeders nie gasvry nie, maar verhinder ook die wat dit wil doen en werp hulle uit die gemeente” (3 Johannes:9-10).

Uit die onafhanklike oogpunt van die wêreldse geskiedkundige, Edward Gibbon, word hierdie gedeelte van die Kerkgeskiedenis beskryf: “'n Meer droefgeestige plig word aan die geskiedkundige opgelê. Hy moet die onvermydelike vermenging van *dwaling* en *korupsie* waarin die kerk oor baie jare verval het onder 'n swak en vervalde geslag ontmasker” (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, vol. 1, bl. 380).

Die gesien Christelike byeenkomste, wat deur valse leraars met wêreldse ambisies ondermyn is, het begin om die gebruike en gewoontes van die ou heidense volke aan te neem in die plek van die geïnspireerde geloof en gebruike van die Apostoliese Kerk. “Christelikheid het reeds begin om die

gewaad van die heidendom te dra” (James Wharey, *Sketches of Church History*, bl. 39).

Seremonies en rituele het begin om die opregte aanbidding van God te vervang totdat die hele godsdiens uiteindelik uit weinig meer as rituele bestaan het (Wharey, bl. 40). Dit was natuurlik as geheel slegs van die *gesiene* kerk waar.

### Sommige mense gaan voort met die gebruike van die Apostels

Ten spyte van die afvalligheid van die meerderheid, is daar 'n oorvloed van geskiedkundige bewyse wat daarop dui dat 'n aantal Christelike gemeenskappe – waarvan sommige heelwat van die waarheid behou het en ander baie minder – voortgegaan het om die basiese leerstellings en gebruike van die oorspronklike Kerk te volg, regdeur tot die tyd van die Hervorming. Gibbon praat van die benarde toestand van die belangrikste navolgers van die Apostoliese Kerk wat “Nasareners” genoem was, wat “*die grondslag* van die Kerk *gelê* het, maar hulleself gou oorweldig bevind het deur die toenemende menigtes, wat uit al die verskillende godsdienste van Politeïsme [veelgodery] wat onder die vaandel van Christus toegetree het; en die heidene, wat met die goedkeuring van hulle besondere apostel, die ondraaglike invloed van die Mosaïese seremonies verwerp het, het uiteindelik geweier om vir hulle meer nougesette broeders dieselfde verdraag-

saamheid te gun as wat hulle aanvanklik nederig vir hulle eie gebruik afgesmeek het” (Gibbon, bl. 387).

Ons vind dus dat die heidense bekeerlinge begin het om die gewoontes van hulle voormalige heidense godsdiens in die Kerk in te bring, asook 'n *gesindheid van minagting* vir diegene wat getrou gebly het aan die voorbeeld en handeling van Christus en die oorspronklike Apostels. Geen wonder hierdie gesindheid was die rede waarom Diótrefes die ware broeders kon “uitwerp” met die klaarblyklike goedkeuring van die gesiene gemeentes.

Aangesien dit nie die doel van hierdie reeks is om die geskiedenis na te speur van die klein gemeenskappie van gelowiges wat getrou aan die Apostoliese geloof en aanbidding gebly het nie en aangesien dit 'n algemene praktyk van sektariese kerkgeskiedkundiges is om die geloof van hierdie mense te verdraai of om hulle te beswadder, mag dit goed wees om Hurlbut se erkenning van die swarigheid wat ondervind word met die vasstelling van die ware geloof van hierdie mense, of, wat dit betref, van die werklike “kettery” van die tyd, in te sluit. Hysê aan ons:

Met betrekking tot hierdie sektes en sogenaamde kettery, kan een probleem om hulle te verstaan, voortspruit uit die feit dat (behalwe vir die Montaniste [pousgesindes] en selfs

daar ook in 'n groot mate) hulle eie geskifte tot niet gegaan het en is ons afhanklik vir ons menings van diegene wat teen hulle geskryf het en wie ongetwyfeld bevooroordeel was. Veronderstel byvoorbeeld dat die Metodiste, as 'n denominasie, tesame met al hulle literatuur, uit die samelewing verdwyn het; en 'n duisend jaar later probeer geleerdes om hulle leerstellings uit die boeke en pamflette vas te stel wat in die agtiende eeu *teen* John Wesley geskryf is, tot watter verkeerde gevolgtrekkings sou gekom word en watter verwronge beeld van Metodisme sou voorgestel word! (*The Story of the Christian Church*, bl. 66).

Voeg by hierdie karige geskiedkundige bewyse die feit dat baie moderne kerkgeskiedkundiges uit 'n sektariese oogpunt skryf wat teen Apostoliese gebruike en oortuigings bevooroordeel is, dan is dit maklik om die inherente probleme te verstaan wat ondervind word om die waarheid oor sulke Christene in vorige eeue op te spoor. Selfs die getuienis van vyande bevat nietemin oorvloedige bewyse dat 'n ononderbroke ketting van hierdie getroue gelowiges tot vandag toe bestaan.

### **Die ontwikkeling van die Katolieke Kerk**

Hoewel die grootste deel van die

waarheid uit die plaaslike gemeentes verdwyn het binne vyftig jaar ná die dood van die Apostels, soos ons gesien het, het die Rooms-Katolieke Kerk as sodanig nie voor die vierde eeu begin ontwikkel nie. Voor daardie tyd was daar baie skeurings en verdeeldheid binne die gesiene kerk, maar die vordering van letterlike afgodediens is gestuit as gevolg van vervolging deur die Romeinse staat – wat baie van die heidene verhinder het om betrokke te raak en dit het die Kerk in so 'n mate suiwer gehou.

Selfs toe was dit hoofsaaklik 'n *foutiewe* suiwering, want die teologie van daardie tyd het so ver van die leerstellings van Jesus en die Apostels afgewyk dat baie leerstellings toe op die idees van Plato en ander heidense filosowe gebaseer was. Origen wat een van die groot “kerkvaders” van hierdie tydperk was, was 'n bewonderaar van hierdie filosofie en het dit aangewend om die leerstellings van die Evangelie te verduidelik. Dit het hom tot die *allegoriese metode* van interpretasie van die Skrif gelei (Wharey, bl. 46).

Terwyl hy hierdie tydperk behandel, beskryf Gibbon vir ons die geleidelike ontwikkeling van wat uiteindelik die Rooms-Katolieke hiërargie geword het en geskoei is op die regering van keiserlike Rome. Hy sê: “Die vroeë Christene was dood vir die dinge en plesier van die wêreld, maar hulle liefde vir aksie, wat nooit heeltemal geblus kon word nie, het gou herleef en nuwe



uiting in die regering van die kerk gevind” (Gibbon, bl. 410).

Hy vertel ons van die ontwikkeling van hierdie kerkregering en dat dit gou die model van die provinsiale sinodes gevolg het deur vereniging van verskeie kerke in 'n gebied onder die leierskap van die biskop van die kerk wat oor die meeste lede beskik het en gewoonlik in die grootste stad geleë was (Gibbon, bl. 413-415). Met Konstantyn se bekering tot nominale Christelikheid, het die kerkregering begin om meer van die gebruike van die Romeinse staat te aanvaar. Wharey vertel aan ons: “Onder Konstantyn die Grote, het die kerk die eerste keer met die staat verbind geraak en in die *regering* was daar plek gemaak vir sodanige verbintenisse, volgens die beginsels van staatsbeleid” (*Church History*, bl. 55).

### Korrupsie en sedelike verval

Die toenemende verdorwenheid en korrupsie van die bediening word deur Mosheim vertel en hy beskryf gepas die *begeerte na mag*, wat die harte en gedagtes van die geestelike leiers van hierdie tydperk binnegedring het: “Die biskoppe het *skandelige geskille* onder mekaar gehad en die grense van hulle biskopsetels en die omvang van hulle jurisdiksie beskerm; terwyl hulle die regte van die gewone mense en van die minderwaardige geestelikes vertrap het, het hulle gewedywer met die burgerlike goewerneurs van die provinsies in luuksheid, arrogansie en wellustigheid”

(*Institutes of Ecclesiastical History*, bl. 131).

Konstantyn het in 323 n.C. die enigste keiser van die Romeinse Ryk geword en binne 'n jaar is Christelikheid, ten minste in naam, erken as die amptelike godsdiens van die Ryk. Hierdie erkenning het nie net die regering van die kerk en die moraal van sy geestelikes beïnvloed nie, maar het 'n diepgaande invloed op die hele kerk en sy lidmaatskap gehad.

Alle vervolging van die gevestigde kerk is onmiddellik en vir altyd gestaak. Die antieke “dag van die son” was gou as 'n dag van rus en aanbidding geproklameer. Tempels van die heidene is as kerke geheilig. Geestelikes het gou 'n bevoorregte klas geword, verhewe bo die wet van die land.

Nou het almal lidmaatskap van die kerk gesoek. “Ambisieuse, wêreldse, gewetenlose manne het vir sosiale en politieke invloed 'n amp in die kerk gesoek” (Hurlbut, bl. 79). In plaas daarvan dat die Christendom die wêreld beïnvloed en verander, sien ons dat die wêreld die belydende Christelike kerk oorheers.

“Die eredienste het in prag en praal toegeneem, maar was minder geestelik en hartlik as dié van vorige tye. Die vorms en seremonies van die *heidendom* het geleidelik in die aanbidding ingesluip. Sommige van die ou heidense feeste het kerkfeeste geword met verandering van naam en aanbidding. Teen ongeveer 405 n.C. het *beelde* van heiliges en martelare in die

kerke begin verskyn ...” (Hurlbut, bl. 79).

Die kerk en staat het *een geïntegreerde stelsel* geword toe Christenskap as die godsdiens van die ryk aangeneem is. Die Rooms-Katolieke stelsel het begin en Hurlbut sê aan ons dat “die kerk geleidelik wederregtelik besit oor die staat geneem het en die resultaat was nie *Christelikheid* nie, maar 'n min of meer korrupte *hiërgarie* wat in beheer van die nasies van Europa was en wat die kerk hoofsaaklik 'n politieke masjien gemaak het” (Hurlbut, bl. 80).

### Katolisisme aan bewind

Binne twee jaar nadat dit wat Christelikheid genoem is die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk geword het, het Konstantyn 'n nuwe hoofstad gekies en gebou. Hy het die Griekse stad Bisantium gekies, omdat sy ligging dit relatief veilig teen die verwoesting van oorlog gemaak het wat Rome so dikwels geteister het.

Kort hierna het die verdeling van die ryk plaasgevind – met Konstantyn wat mede-keisers vir die Weste aangestel het. Die verdeling van die ryk het die weg vir die komende skeuring binne die Rooms-Katolieke Kerk voorberei. Dit het ook 'n makliker pad vir die verheffing van die Roomse biskop voorsien, aangesien hy nie nou deur die keiser oorskadu sou word nie.

Gedurende hierdie tyd het die gevestigde kerk as hoogste gesag regeer en enige poging om na die Apostoliese geloof terug te keer sou swaar gestraf

word as 'n oortreding teen die staat. “Die bevel is uitgereik dat niemand teen die Christelike (Katolieke) godsdiens mag skryf of praat nie. Alle boeke van teenstanders moes verbrand word” (Hurlbut, bl. 85).

Dus kan ons sien dat diegene wat enige waarheid gedurende hierdie tydperk kon behou het, daarvan ontnem is om 'n rekord van hulle geloof vir toekomstige geslagte te bewaar. Hierdie edik was effektief om *dwaalleer* uit te skakel maar dit was ook effektief om enige *waarheid* te versmoor wat behou is in opposisie met die Katolieke leerstelling.

Rakende die inhoud van daardie leerstelling vertel Wharey aan ons: “Die *Teologie* van hierdie eeu het begin om baie met bygeloof en heidense filosofie vervals en bederwe te word. Derhalwe kan spore gesien word van oormatige verering van ontslape heiliges, van 'n geloof van *vagevuur* [*suiwering*] vir siele na die dood, van die selibaatheid van die geestelikes, van die *aanbidding van beelde* en *stoflike oorskotte* en van baie ander sienswyses wat met verloop van tyd byna die ware godsdiens verban het of ten minste baie verberg en bederwe het” (*Church History*, bl. 60). Ons vind dus dat namate die Rooms-Katolieke Kerk voortgegaan het, bygeloof, heidendom en afgodery toegeneem het.

Gedurende die tien eeue van die Middeleeue was die ontwikkeling van pouslike mag die uitstaande faktor. Die Pous in

Rome het gou daarop aangedring om heerser te wees, nie net oor die ander biskoppe nie, maar oor *nasies, konings en keisers* (Hurlbut, bl. 105).

Gregory I (590-604) het die kerk die eintlike regeerder van die provinsie rondom Rome gemaak en dit was hy wat die leerstelling van die vagevuur [*suiwering*], die aanbidding van beelde en transsubstansiasie [*staat van oorgang in die liggaam van Christus*] ontwikkel het. George Park Fisher praat van hierdie tydperk: “*Kersfees* het sy oorsprong in die Weste (Rome) gehad en van daar af het dit versprei na die Oosterse Kerk. Baie Christene het nog aan die *heidense* fees van *Nuwejaarsdag* deelgeneem” (*History of the Christian Church*, bl. 119).

Terwyl hy van die twispunte in leerstellings gepraat het wat gedurende hierdie tyd deur die kerk gewoed het, sê hy: “Die inmenging van die staat in sake van leerstellings is 'n feit wat besondere aandag vereis. Volgens die filosofie was Plato se invloed nog oorheersend: Augustinus asook Origen, was deurdrenk van die Platoniese gees” (Fisher, bl. 121). Hier is 'n duidelike stelling dat die filosofiese leerstellings van sulke heidense denkers soos Plato beslis baie van die vroeë “kerkvaders” se standpunte rondom leerstellings beïnvloed het!

### Die hoogtepunt en verval van pouslike aansien

Die hoogtepunt van pouslike op-

pergesag was onder Gregorius VII, gebore Hildebrand, bereik. Onder sy bewind bekyk ons die skouspel van die huidige keiser, Hendrik IV, wat om kwytskelding van die pous se verbod op die gebruik van sakramente te ontvang, “alle koninklike besittings laat vaar en met kaal voete en in wol geklee, vir drie dae voor die hekke van die kasteel gestaan het” (Hurlbut, bl. 111).

Nog 'n hoogtepunt in die toename van pouslike gesag was die regering van Innocentius III. Hy verklaar in sy intrede: “Die opvolger van Petrus staan halfpad tussen God en die mens; onder God, bo die mens; Regter van almal, beoordeel deur niemand” (Hurlbut, bl. 112).

Kort hierna het die tydperk wat bekend staan as die “Babiloniese Ballingskap” van die kerk egter gevolg (1305-1378). Deur politieke invloed van die Franse koning, is die pousdom van Rome na Avignon in die suide van Frankryk verskuif. Die politieke en morele skandale van die pous en die geestelikes regdeur hierdie hele tydperk, het die pouslike invloed verswak en begin om mense se gedagtes voor te berei vir die latere pogings tot hervorming (Mosheim, bl. 490).

Dat daar baie goeie en opregte manne in die Roomse Kerk was, selfs gedurende hierdie tydperk, is nie te betwyfel nie. Hulle voorouers se *algehele verwerping* van die leerstellings en gebruike van Christus en die Apostels, die vervanging daarvan met *heidense* filosofieë

en leerstellings van *heidense* kerkfeeste, vas, beelde, oorblyfsels van oorskotte en verskeie ander gebruike sou dit alles feitlik onmoontlik vir die meeste mense gemaak het om die eenvoudige waarhede van die Bybel te verstaan, selfs al was dit hulle begeerte. As gevolg van die heersende onkunde en barbaarsheid van die tye, sou die meeste gewone mense nie in staat wees om die skrif te lees nie, selfs al sou dit beskikbaar wees en dit hulle wens was om dit te doen (Mosheim, bl. 491).

Die voortdurende misbruik van kerklike gesag deur onkundige en roofsgtige geestelikes, die voortsetting van skandale van die pouslike hof en insiklike betrokkenheid van die pouse en kardinale in wêreldlike mag sowel as godsdienstige sake – het 'n ondersoekende gees in die massas laat ontwaak.

Aan die einde van die “Babiloniese Ballingskap” in 1378, het Pous Gregorius XI na Rome teruggekeer. As gevolg van politieke druk en knoeieri met sy dood, is twee pouse deur die kardinale verkies! Die wêreld het toe die skouspel van die benoemde hoofde van die Christendom gadeslaan wat vervloekings, dreigemente, beskuldigings en verbannings [ekskommunikasies] oor 'n tydperk van baie jare oor en weer geslinger het.

Mosheim beskryf hierdie ongelukkige toedrag van sake gepas: “Gedurende hierdie vyftig jaar wat die kerk twee of drie hoofde gehad het, het die

gelyktydige biskoppe mekaar met verbannings [ekskommunikasies], vervloekings en komplotte bestook. Die ellende en angs van daardie tyd was onbeskryflik. Behalwe vir die voortdurende en vernietigende geskille tussen die pouslike groepe is byna alle sin van godsdiens in baie plekke geblus. Groot getalle mense wat betrek was het verlies van lewe en eiendom gely. Goddeloosheid het daagliks meer ongestraf en uitdagend geword. Die voorheen korrupte geestelikes het nou selfs die skyn van vroomheid en godvresendheid ter syde gestel, terwyl diegene wat hulleself Christus se verteenwoordigers genoem het, openlik met mekaar in stryd was en die pligsgetroue mense, wat geglo het dat niemand gered kon word sonder om in onderdanigheid aan die verteenwoordiger van Christus te leef nie, was in die grootste geestelike verwarring en angstigtheid gedompel” (Mosheim, bl. 496).

Só was die uitdagende toestand van “Christendom” op die vooraand van die Hervorming. Die mens kan homself afvra: “Is *dit* die kerk wat Jesus Christus gebou het?”

### **Voorlopers van die Hervorming**

Dit lyk of die geskiedenis 'n paar vreemde verknorsings opgelewer het. Een van twee alternatiewe is dikwels oor die bestaan van die ware Kerk gedurende die Middeleeue aanvaar. Een daarvan is dat die Kerk van God as 'n gesiene,

georganiseerde liggaam van gelowiges vir 'n tydperk wat oor honderde jare strek opgehou het om te bestaan. Die ander is dat die Rooms-Katolieke Kerk – waarvan ons die *uiterste verdorwenheid* beskryf het – die enigste wettige afstammeling van die Kerk was wat Jesus Christus gesê het Hy sou bou (Matthéüs 16:18).

Daar is egter baie geskiedkundiges wat nou begin besef dat daar voor die tyd van Luther groepe was wat in die Apostoliese waarheid geglo het en deur byna elke land van Europa versprei was (Mosheim, bl. 685).

Lank voor die aanbreek van die eintlike Hervorming het baie van hierdie verskillende onafhanklike bewegings en godsdienstige gemeenskappe hulleself sterker laat geld met die agteruitgang van pouslike invloed en gesag. Sommige van hulle het ongetwyfeld oorblyfsels van die gelowiges in Apostoliese waarheid bevat, wat nou lank reeds in onbekendheid weggekwyn het as gevolg van periodieke vervolgings en ontvoerings wat op hulle afgedwing was.

Tussen hulle het die Albigenese of Cathari, wat “puriteine” was, in ongeveer 1170 tot prominensie in die suide van Frankryk toegeneem. Die Cathari het baie gebruik gemaak van die Skrif, alhoewel hulle na bewering dele van die Ou Testament verwerp het (Williston Walker, *A History of the Christian Church*, bl. 250).

Hulle het afskrifte van die Nuwe Testament vertaal en

versprei, die gesag van tradisie verwerp en die Rooms Katolieke leerstellings van die vagevuur [suiwering], beeld-aanbidding en verskeie priesterlike aansprake aangeval. Dit lyk of hulle leerstellings 'n vermenging van waarheid en dwaling kon wees, maar hulle verwerping van die pouslike gesag het op aandrang van Pous Innocent III in 1208 'n "kruistog" teen hulle teweeggebring. As gevolg hiervan was die sekte byna heeltemal deur die roekelose slagting van die meeste van die inwoners van die gebied uitgewis, met baie Katolieke ingesluit (Hurlbut, bl. 141).

### Die Waldense

Nog 'n verspreide groep gelowiges van die Apostoliese leerstellings en gebruike word Waldense genoem. Mosheim vertel aan ons hoe die Waldense "ongelooflike vinnig deur al die lande van Europa vermenigvuldig en versprei het. Hulle kon ook nie heeltemal deur enige strawwe uitgeroei word nie, hetsy deur die dood of enige ander vorms van vervolging nie" (bl. 429).

Daar was ongetwyfeld verskillende elemente onder diegene wat Waldense genoem is. Sommiges van hulle het meer Apostoliese waarheid as ander behou. Ons word ingelig dat sommige van hulle na "die Roomse Kerk, hoewel baie verdorwe, as die ware kerk van Christus opgesien het". Ander het "volgehou dat die kerk van Rome van Christus afvallig, sonder die Heilige Gees en die

Babiloniese hoer was, soos deur Johannes vermeld" (Mosheim, bl. 430). Soos ons reeds gesien het, het die vyande van hierdie verspreide Christelike groepe hulle dikwels valslik beskuldig ten opsigte van leerstellings en baie van die skriftuurlike waarheid wat hulle dalk gehad het, het waarskynlik met die vernietiging van hulle oorspronklike geskifte verlore gegaan. Selfs hulle vyande gee egter soms oortuigende getuienis met betrekking tot die morele waardes en leerstellings van die Waldense. Soos dit in 'n bylaag van Wharey se *Church History* aangehaal is, is die volgende insident wat uit 'n vroeë en betroubare bron geneem is, 'n aanduiding van die geloof en gebruik van die vroeë Waldense: "Nadat Koning Louis XII inligting ontvang het van die vyande van die Waldense, wat in Provence woonagtig was, van verskeie gruwelike misdade wat aan hulle toegedig is, stuur hy Monsieur Adam Fumee, die Meester van Ondersoek en 'n sekere Sorbonnistiese dokter, genaamd Parui, wat sy bievader was, om die saak te ondersoek. Hulle het al hulle [die Waldense se] gemeentes en tempels besoek en nie enige beelde, of teken van die ornamente wat hoort by die mis of seremonies van die Roomse Kerk gevind nie. Nog minder kon hulle enige bewys van daardie misdade waarvan hulle beskuldig was, vind. Intendeel, hulle het die Sabbat na behore onderhou, hulle kinders volgens die primitiewe Kerk laat doop; en

die artikels van die Christelike geloof en die Geboorte van God geleer. Nadat hy die verslag van die genoemde kommissaris aangehoor het, het die koning met 'n eed bevestig, dat hulle beter mense as hyself of sy mense is" (J. Paul Perrin, *History of the Waldenses*, Boek I, Hoofstuk V).

Dit is dus duidelik dat daar nog baie kennis van die "geloof wat eenmaal oorgelewer is" in die gedagtes van baie getroue manne en vroue dwarsdeur die Middeleeue bestaan het. Hulle het dikwels saam in godsdienstige groepe vergader om te aanbid. Hoewel hulle soms verspreid en vervolgd was, was hulle in werklikheid 'n Kerk wat in die gees, geloof en gebruike van Christus en Sy apostels voortgegaan het.

Dit is nodig dat ons in gedagte hou dat die kennis van Apostoliese waarheid en gebruik ook vir Luther en die ander hervormers beskikbaar was indien hulle dit verlang het.

Behalwe hierdie verspreide groepe gelowiges wat vir honderde jare *onafhanklik van Rome* bestaan het, was daar baie individuele leiers *binne* die Roomse Kerk wat bekommerd geraak het oor die geestelike verval en op hervorming aangedring het, nog voor die eintlike Hervorming.

### Die werk van John Wycliffe

Een van die mees noemenswaardigste hervormers voor die Hervorming was John Wycliffe, wat in ongeveer 1324 in Yorkshire, Engeland gebore is.



Hy staan algemeen bekend as “die môrester van die Hervorming”.

By Oxford het hy as voor-  
aanstaande geleerde uitgestyg  
en uiteindelik 'n doktor in  
teologie geword en verskeie  
hooggeagte posisies aan die  
Universiteit bekleed. Hy het gou 'n  
leier onder diegene geword wat  
gepoog het om 'n aantal  
skandelerike misbruie van die  
geestelikes te beveg.

Wycliffe het die bedel-  
monnikke gekonfronteer, die  
stelsel van kloosterwese en  
uiteindelik die pouslike gesag in  
Engeland teengestaan. Hy was  
ook teen die leerstelling van  
transsubstansiasie [staat van  
oorgang in die liggaam van  
Christus] en het 'n eenvoudiger  
kerkdiens bepleit, volgens die  
Nuwe Testament se voorbeeld.

Hy het onderrig dat die Skrif  
die enigste wet van die kerk is  
maar het nogtans nie die  
pousdom heeltemal verwerp  
nie, maar slegs dít wat hy  
beskou het as misbruie  
(Walker, bl. 299).

Die geestelikes se onbe-  
voegdheid het hom gelei om  
predikers, sy “arm priesters”, uit  
te stuur om twee-twee deur die  
hele land te gaan – om te werk  
waar daar 'n behoefte was. Hulle  
was baie suksesvol, want daar  
was reeds 'n sterk afkeer aan  
buitelandse pouslike belasting  
en 'n verlange om na 'n meer  
Bybelse geloof terug te keer.

### **Wycliffe het gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie onderrig**

Hoewel hy nooit sy leerstellings  
ten volle ontwikkel het nie en van

sy geboorte af baie met die  
Rooms-Katolieke konsepte van  
sy tyd verbind was, het Wycliffe  
duidelik die noodsaaklikheid  
bemerkt om gehoorsaamheid  
aan die Tien Gebooie te herstel.  
Hy het nooit die kenmerkende  
konvensionele gebruike van die  
latere hervormers aangewend  
om hierdie Apostoliese leer-  
stelling te ontduik nie. Die  
geleerde geskiedkundige,  
Augustus Neander, beskryf  
hierdie openhartige benadering.  
Hy sê dat een van Wycliffe se  
eerste werke as 'n hervormer uit  
“'n gedetailleerde uiteensetting  
van die Tien Gebooie bestaan  
het, waarin hy 'n vergelyking  
tussen die onsedelike lewe  
getref het wat so algemeen  
onder alle range in sy tyd was,  
met dít wat hierdie Gebooie  
vereis. Ons behoort ongetwyfeld  
in gedagte te hou wat hy self  
gesê het, dat hy deur onkunde  
gelei was om dit te doen deur die  
onkunde wat die meeste mense  
geopenbaar het oor die Tien  
Gebooie en dit was sy plan om 'n  
neiging teë te werk waar mense  
meer begaan was oor die  
verskillende menings van  
mense as die Wet van God.  
Terselfdertyd kan ons nie nalaat  
om 'n geneigdheid op te merk  
om die hele Ou-Testamentiese  
vorm van die Wet aan te neem,  
wat duidelik word in sy  
toepassing van die Wet van die  
Sabbat, teenoor die Christelike  
viering van Sondag” (*General  
History of the Christian Religion  
and Church*, vol. IX, Deel I, bl.  
200-201).

Dit is dalk jammer dat  
Wycliffe geen opvolger met die

merkwaardige vermoë nagelaat  
het om met sy werk in Engeland  
voort te gaan nie. Sy vertaling  
van die Bybel in die Engelse taal,  
wat tussen 1382 en 1384 voltooi  
is, het 'n groot en blywende voor-  
deel vir sy tydgenote ingehou.  
“Die grootste diens wat hy aan  
die Engelse volk bewys het was  
sy vertaling van die Bybel en sy  
openlike verdediging van hulle  
reg om die Skrif in hulle eie taal  
te lees” (Fisher, bl. 274).

Alhoewel sy sienings deur  
die Roomse hiërargie veroor-  
deel was, was pogings om hom  
in die tronk te gooi onsuksesvol  
as gevolg van sy vriende en vol-  
gelingen en hy was toegelaat om  
in sy gemeente by Lutterworth af  
te tree, waar hy 'n natuurlike  
dood gesterf het. Met sy dood  
het die politieke belangrikheid  
van die Lollard-beweging, soos  
dit algemeen bekend gestaan  
het, tot 'n einde gekom. 'n Paar  
van sy volgelinge het hoof-  
saaklik in die geheim aktief gebly  
tot en met die Hervorming.

Sy geskifte en leerstellings  
het egter na die buiteland ver-  
sprei en soos 'n geskiedkundige  
sê: “Wycliffe se belangrikste  
invloed was om in Boheme te  
wees eerder as in die land van sy  
geboorte” (Walker, bl. 301).

### **Die Husitiese oplewing**

Die feit dat Wycliffe se sienings  
'n meer geredelike aanvaarding  
in Boheme as in Engeland  
gehad het, was byna uitsluitlik  
aan die pogings van John Huss  
te danke.

Huss is in 1369 in Boheme  
gebore. Hy was 'n ywerige  
student van Wycliffe se geskifte

en het die meeste van sy leerstellings gepredik, veral dié wat teen die pouslike wanpraktyke was. As rektor van die Universiteit van Praag, het Huss vroeg reeds 'n noemenswaardige invloed in Boheme gehad.

Aanvanklik het hy glo gehoop om die kerk van binne te hervorm en het die vertroue van sy kerklike meerderes gehad. As 'n prediker het hy egter die heersende sondes van die geestelikes met groot ywer veroordeel en het so begin om agterdog te wek. Nadat hy aangestel was om 'n paar van die beweerde wonderwerke van die kerk te ondersoek, het hy hulle op die ou end as vals verklaar en aan sy volgelinge gesê om op te hou soek na tekens en wonders en om eerder die Skrif te ondersoek.

Uiteindelik het “sy passievolle veroordeling van die sondige verkoop van aflaatgeld vir vergifnis, veroorsaak dat hy deur die pous verban is” (Fisher, bl. 275). Hy was daarna deur die simpatieke koning oorreed om in ballingskap te gaan. Ongelukkig het hy later ingestem om voor die Raad van Konstantyn te verskyn nadat hy 'n belofte van vry geleide van die keiser ontvang het. Hy het sy leerstellings verdedig in ooreenstemming met die Skrif, maar hy was deur die raad veroordeel en aan die siviele owerheid oorgelewer vir teregstelling. Hierdie metode was altyd gevolg sodat die “onskuld” van die Roomse Kerk in sulke gevalle bewaar kon word.

Die keiser se “vry geleide”

belofte was verbreek volgens die Katolieke beginsel dat “beloftes met ketters nie gehou mag word nie” (Hurlbut, bl. 143). Die wrede vonnis wat oor Huss gevel is, was dat hy op die brandstapel verbrand moes word. Sy dapper dood en dié van Jerome van Praag, 'n jaar later, wie sy hervorming van gees en ideale gedeel het, het die hervormingselement in Boheme aangewakker en het sy landgenote vir baie jare beïnvloed (Fisher, bl. 276).

### Jerome Savonarola

In ongeveer 1452 is 'n man in Florence, Italië, gebore wat die pouslike korrupsie op eie bodem uitgedaag het.

Hierdie man was Jerome Savonarola, wat so deur die goddeloosheid en losbandigheid rondom hom gewalg was dat hy 'n monnik van die Dominikaanse orde geword het, deels om van die euwels rondom hom te ontsnap.

Hy het hewig teen die kerklike, sosiale en politieke euwels van die dag gepreek en het geen ouderdom, geslag, of omstandighede van mense gespaar nie. Aanvanklik wou die mense van die stad nie luister nie, maar het later die katedraal tot oorlopende toe gevul. Hy het later nie meer redenasies in sy preke gebruik nie, maar in die naam van die Allerhoogste gepreek (Fisher, bl. 276).

Vir 'n tyd lank het hy 'n oënskynlike hervorming van die stadsmense teweeggebring en vir 'n kort tydjie werklik die politieke en godsdienstige leier

van die stad Florence geword. Sy politieke beleid het vir hom bitter vyande gemaak – onder andere die pous Alexander VI. Hy het geweier om te swyg en daarom is Savonarola spoedig verban [ge-ekskomminikeer], gevange geneem en in die tronk gegooi. Na 'n bevooroordeelde verhoor is hy opgehang, toe verbrand en sy as is in die Arnorivier gegooi.

Geskiedkundiges stem saam dat Savonarola se belange veel minder in hervormings van leerstellings gelê het dan in die suiwing van morele waardes. Dit moes *binne* die perke van die Roomse Kerk bewerkstellig word. Ons kan ook daarop let dat dit in 'n groot mate die geval met Wycliffe en Huss was. Al drie was in die Katolieke geloof, gebruike en opvattings grootgemaak. Met die moontlike uitsondering van Wycliffe, het almal in werklikheid as Katolieke gesterf, selfs al het hulle 'n hervorming *binne* daardie liggaam probeer bewerkstellig.

Dit is dus duidelik dat geen gewone man, hoe bevoeg en ywerig hy ook al mog wees, in staat sou wees om 'n suiwing van die geestelike verdorwenheid van die Rooms-Katolieke Kerk as geheel teweeg sou bring nie. As gevolg van die toename van pouslike mag, was net die pous en sy onmiddellike hof die enigstes wat dit kon vermag.

### Hindernisse tot 'n ware Hervorming

Die betrokkenheid van die verderflike stelsel was nogtans so groot, die verkoop van

kerklike poste so algemeen, die versoekings om munt te slaan uit die verkoop van aflate en ander kerklike inkomste so volop, dat selfs 'n opregte hervormer binne die pouslike hof sy lot as hopeloos sou vind. “Wanneer mense hulle hele fortuin in die koop van 'n winsgewende pos spandeer het, wat op 'n veiling te koop was, sou dit nie afskuwelik wees om al sulke poste af te skaf nie? Daar was geen geld om daarvoor te vergoed nie. Na Leo X se afsterwe was die pousdom nie net in die skuld nie, maar bankrot. 'n Hervormende Pous het geen kans op sukses gehad nie. Daar was geen uitkoms in sig nie.” (Plummer, *The Continental Reformation*, bl. 15).

Regdeur die nasies van Europa was daar nogtans baie politieke, maatskaplike en ekonomiese wanpraktyke wat gesmeek het vir hervorming – om nie te praat van die oorweldigende godsdienstige vergrype nie. Op een of ander manier, soos ons binnekort sal sien, was 'n soort universele omwenteling onafwendbaar bestem om die uiterlike

selftevreidenheid van daardie tyd te skud.

Soos ons egter gesien het, dieselfde manne wat probeer het om hierdie korrupte stelsel te hervorm was so deeglik met die leerstellings van Rome geïndoktrineer dat dit uiters moeilik was om heeltemal weg te breek. Dit is nodig dat ons in gedagte hou dat hierdie manne – Luther, Zwingli, Calvin en hulle bondgenote – *almal* van kleins af in die Rooms-Katolieke leerstellings en gebruike grootgemaak is. Hulle het van niks anders geleer nie en aangesien daar feitlik geen godsdienstige boeke of Bybels in die algemene tale beskikbaar was nie, het hulle van bitter min anders behalwe die Rooms-Katolieke geloof, seremonies, rituele en tradisies gewet.

Dit was dus vir hulle feitlik *onmoontlik* om die godsdienstige stelsel waarin hulle grootgemaak is, objektief met die oortuigings en gebruike van Jesus Christus en die geïnspireerde Nuwe-Testamentiese Kerk te vergelyk.

Uit 'n geestelike oogpunt

was die werklike vraag van belang egter nie of daar 'n *soort* van hervorming sou wees nie, maar of daar 'n terugkeer sou wees na die “geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.” 'n Terugkeer na die ware *Christenskap van die Apostels* was dringend nodig. 'n Terugkeer na die *ware Evangelie*, die *geloof* en *gebruike* van Christus en die Apostoliese Kerk, sou 'n nuwe era van geregtigheid en aanbidding, vrede en vreugde inlui.

Was so 'n *ware* hervorming aan die kom? Dit is die vraag wat in die gedagtes en harte van alle denkende mense ingebrand behoort te word – die finale antwoord op hierdie vraag sal tot 'n groot mate bepaal wat die ware betekenis van die godsdienstige verdeeldheid en verwarring van ons tyd is.

Die *antwoorde* op hierdie noodsaaklike vrae, die *ont-rafeling* van hierdie boeiende raaisel, sal volgende keer in hierdie reeks artikels verskyn.

WvM

## God se Kerk deur die eeue

***God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat “die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie” (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Pous Francis en die Hervorming

Op 31 Oktober 2016, die 499ste herdenking van Martin Luther se bekende “Vyf-en-negentig stellings oor die aflaat”, het die hoof van die Rooms-Katolieke Kerk, Pous Francis I, na Swede gereis om deel te neem aan die gebeure wat die 500ste jaar van die Protestantse Hervorming gedenk het. Terwyl hy daar was het hy deelgeneem aan 'n gesamentlike gebeds-byeenkoms in die stad Lund, in 'n Lutherse katedraal – 'n katedraal wat voorheen Katoliek was, maar die Swede het amptelik die Katolieke geloof verwerp as die staatsgodsdienst.

By hierdie vieringe van die lewe en werk van die man wat een van die grootste verdeeldhede in die geskiedenis tussen gelowe veroorsaak het, het

Pous Francis erken dat Luther verstaanbaar ontsteld was oor die wêreldse sondes van die destydse Katolieke Kerk en gesê: “Met dankbaarheid erken ons dat die Hervorming gehelp het om groter eenheid tot die heilige geskrifte in die (Katolieke) Kerk se lewe te gee” (*Reuters, “Pope, in Sweden, says Reformation had positive aspects”, 31 Oktober 2016*).

Dit mag dalk vreemd voorkom om te sien dat Pous Francis, wie meer as enige ander mens op aarde tans die Rooms-Katolieke Kerk verpersoonlik, vir Luther prys – wie se beweging daarop aanspraak maak dat dit die einste gesag verwerp wat Francis na bewering uitoefen. Sulke optredes is 'n kenmerk van Francis, wie se

volgelingen gesien het dat hy nie net na Lutherane nie, maar ook na Evangeliste, die Pinksterkerk en Ortodokse leiers uitreik. Dit wil voorkom of een of ander vorm van ekumeniese eenheid baie prominent in die gedagte van hierdie pous is.

Bybelprofesie verwys nie net na 'n korrupte, wêreldwye weergawe van Christenskap, uitgebeeld deur die groot hoer van Openbaring 17 wie op 'n denkbeeldige dier ry nie, maar ook na die *hoerkinders* (vers 5), wie die kerke verteenwoordig wat uit haar voortgespruit het.

Namate profesie ontvou, sal die geskiedenis soos uiteengesit in hierdie spesiale reeks help om u toe te rus met die sleutels om die gebeure in die hedendaagse nuus te verstaan! **WvM**

## Vervolg vanaf bladsy 20 – Maak gereed om die Aarde te beërf

van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:7-9).

In die Wêreld van Môre sal alle nasies die ware God van die hemel en aarde ken – die God van u Bybel – en Hy sal diegene

seën wat Sy Geboorte onderhou, net soos Hy nog altyd gedoen het. Let op hierdie inspirerende gedeelte uit die boek Deuteronomium waar die seëninge beskryf word wanneer ons God se Wet gehoorsaam. “[E]n hou die geboorte van die HERE jou God om in sy weë te wandel en Hom te vrees. Want die HERE jou God bring jou in 'n goeie land, 'n land van waterstrome, fonteine en onderaardse riviere wat in die

laagtes en op die berge uitkom; 'n land van koring en gars en wingerdstokke en vyeboom en granate; 'n land van olieryke olyfboom en heuning; 'n land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin niks jou sal ontbreek nie; 'n land waarvan die klippe yster is, en uit die berge waarvan jy koper sal uitkap; en jy sal eet en versadig word en die HERE jou God loof oor die goeie land wat Hy jou gegee het”

Vervolg op bladsy 26



# Maak gereed om die Aarde te beërf!

Deur Richard F. Ames

*Jesus sê dat die sagmoediges die aarde sal beërf, maar miljoene mense glo dat hulle vir ewig in die hemel sal leef na hulle afsterwe. Wat sê u Bybel werklik?*

Miljoene mense – heel waarskynlik biljoene – glo dat saligheid in die hemel die beloning is van dié wat gered word. Hierdie geloof word gedeel, nie net deur die meeste mense wat hulleself Christene noem nie, maar ook deur lede van baie ander godsdienste regoor die wêreld.

Christene glo in die woorde van Jesus Christus. Jesus het Sy mees basiese en fundamentele leerstellings onderrig in wat algemeen as die “Bergpredikasie” bekend staan (Matthéüs 5-7). Hoe het Hy Sy onderrig begin? “Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërfwe” (Matthéüs 5:3-5).

Let noukeurig op. Het Jesus gesê dat dié wat arm is van gees, na die hemel sal gaan, terwyl die sagmoediges die aarde sal erf? Nee! Hy het gesê dat dié wat arm van gees is met die Koninkryk **van** die hemele geseën sal word. Die Koninkryk **van** die hemele sal na die aarde kom wanneer Christus terugkeer! Dit is wanneer die mense wat gered is opgewek word en die Koninkryk sal erf.

Jesus onderrig ons om te bid: “... laat U Koninkryk kom” (Matthéüs 6:10). Het Hy ons gevra om te bid vir iets om te kom wat reeds hier is? Indien die Koninkryk alreeds hier is, waarom het die wêreld dan sulke gruwels soos die twee groot Wêreldoorloë van die vorige eeu beleef, asook die verskriklike volksmoorde wat teen die Armeniërs, Jode, Kambodjane en vele ander volke uitgevoer is? Selfs vandag nog, ontwyk vrede ons. Soos die voormalige president van die Sowjet-Unie, Mikhail Gorbachev, onlangs gesê het: “Dit wil alles voorkom asof die wêreld vir oorlog voorberei” (*Time.com*, 26 Januarie 2017). Ja, dit is vir die wêreld *nodig* dat God se Koninkryk kom!

Christus leer ons dat daar 'n Groot Verdrukking sal wees voordat Sy Koninkryk gaan kom. Hoe intens sal hierdie verdrukking wees? Hy sê: “En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie” (Matthéüs 24:22). Gelukkig het Christus beloof om in te gryp en om met Sy Wederkoms 'n einde te maak aan die oorlogvoerende mensdom se pogings om die aarde te vernietig. Indien u noukeurig op wêreldgebeure let, sal u besef dat indien God nie

ingryp nie, huidige militêre tendense tot totale wêreldvernietiging sal lei – die uitwissing van die mensdom. Sedert die eerste atoombom in 1945 oor Hirosjima ontplof het, beskik die mensdom oor die vermoë om hulleself te vernietig met soveel gemak soos nog nooit tevore in die geskiedenis nie. Tegnologie het sedertdien kragtiger geword! Indien aan hulleself oorgelaat, sal oorlogvoerende nasies hulleself uiteindelik vernietig. So onlangs soos 26 Januarie 2017, het die *Bulletin of Atomic Scientists* die minuutwyser van hulle beroemde “Oordeelsdag-horlosie” met 30 sekondes aangeskuif. Hulle is van mening dat die wêreld net twee-en-'n-half simboliese minute vóór midernag is – 'n aanduiding van die algehele verwoesting van die mensdom.

Dit is duidelik dat die Koninkryk van God **nie** alreeds hier is nie! Jesus Christus is nie tans besig om Sy heerskappy oor die hele aarde uit te oefen nie, anders sou daar nie die chaos en verwoesting wees wat ons nou sien nie. Christus moet terugkeer om alle nasies te red – geestelik en fisies.

Gelukkig kom Jesus spoedig om die wêreld fisies te

red. Hy het 'n plan vir die mensdom se geestelike verlossing. Dié plan word deur die Heilige Dae wat Jesus en die Apostels onderhou het openbaar en is ook aan die eerste Christene geleer om te onderhou. Die meeste belydende Christene weet dat die heel eerste stap in hierdie plan om die mensdom te red, die verlossing is wat God deur die bloed van Jesus Christus aan berouvolle sondaars bied. Baie mense besef nie dat Jesus en die Apostels Sy offer en Sy verlossing van die mensdom herdenk het deur die Nuwe-Testamentiese Pasga met ongesuurde brood en wyn te onderhou nie. Christus en die Apostels het hierdie jaarlikse gedenkdien gehou en Christene opdrag gegee om dieselfde te doen.

Let op hoe die apostel Paulus Jesus se offer beklemtoon: "... want ook ons paaslam [Pasga-lam] is vir ons geslag, naamlik Christus" (1 Korinthiërs 5:7). In die volgende vers leer Paulus selfs die heidene om die Fees te onderhou – die Fees van Ongesuurde Brode. U mag dalk hierdie bepalinge ongewoon vind, maar vir diegene wat Jesus Christus wil volg is dit van lewensbelang en vol hoop en bemoediging! Jesus het nooit Kersfees en Paasfees gevier nie, só ook nie die Apostels of die Christene wie hulle geleer het nie. Van die begin af het Christene die **Bybelse** feeste onderhou deur Jesus se eie voorbeeld na te volg. Om meer oor die ware Bybelse Feeste te

leer wat God se plan van verlossing vir die mensdom uitbeeld, bestel gerus u gratis eksemplaar van ons insig-gewende boekie, *Die Heilige Dae: God se meester-plan*.

### Waar is die Koninkryk?

Die apostel Johannes het verduidelik dat God Sy dienaars geroep en "gekoop [het] uit elke stam en taal en volk en nasie" (Openbaring 5:9). Wat sal hulle bestemming wees? Sal hulle vir ewig hemel toe gaan? Die apostel Johannes verduidelik in die volgende vers: "... en het ons konings en priesters vir ons God gemaak, en ons sal as konings **op die aarde** heers" (Openbaring 5:10).

God het nie aangebied om ons te red sodat ons ledig in hemelse saligheid kan rus nie. Hy roep ons om konings en priesters te word wat Jesus Christus – die Koning van die konings – sal bystaan in die vestiging van blywende vrede op aarde. Dit is waarom Jesus sê die sagmoediges – diegene wat Jesus nederig volg in plaas van hulle eie wil – sal die aarde erf. Wanneer ons bid, "laat U koninkryk kom," bid ons vir die koms van die Koninkryk wat vrede na die ganse mensdom sal bring en waarin getroue Christene hulle geliefde Verlosser, Jesus Christus, as konings en priesters onder Sy leiding sal dien.

Deur die jare heen het sommige mense andere onderrig dat die kerk op die aarde die Koninkryk is. Ander mense glo weer dat die

Koninkryk in 'n mens se hart is. Die Koninkryk van God is egter 'n letterlike koninkryk, waarvan Jesus Christus die Koning sal wees!

Wat presies **is** 'n koninkryk? Elke koninkryk bestaan uit vier basiese elemente: 'n Regeerder, 'n grondgebied, wette en onderdane. Hoe is dit egter van toepassing op die Koninkryk van God?

Wie is die heerser van God se Koninkryk? Die Bybel beantwoord hierdie vraag op verskillende plekke. Let op wat die apostel Johannes skryf: "Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self" (Openbaring 19:11-12). Jesus Christus, wat baie krone dra, sal terugkeer na die aarde as seëvierende Koning!

Hier is nog 'n beskrywing van Jesus se voorkoms tydens Sy Wederkoms: "En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy

kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (Openbaring 19:13-16).

Ja, die Heerser van die toekomstige Koninkryk van God sal Jesus Christus Self wees! Bid u “laat U koninkryk kom”? Sien u gretig uit na Jesus se Wederkoms na hierdie aarde? Die apostel Johannes het beslis. Hy het die voorlaaste vers in u Bybel met sy gebed en hartstogtelike hoop afgesluit: “Amen, ja kom, Here Jesus!” (Openbaring 22:20).

Wanneer Jesus Christus kom, sal die hele aarde Sy grondgebied wees! Die ganse mensdom sal Sy onderdane wees. Die Skrif beskryf dat die hele wêreld die weg na vrede sal leer. Elke jaar sal mense na Jerusalem gaan om hulle Koning te aanbid. Die hele aarde sal leer om dieselfde Bybelse Heilige Dae te onderhou wat Jesus en die Apostels onderhou het. “En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërs, en om die huttefees te vier” (Sagaria 14:16).

Elke nasie op aarde sal die Koning aanbid en die Huttefees onderhou. Baie mense besef nie dat die Heilige Dae vandag nog vir Christene met betekenis gevul is nie. Die Nuwe-Testamentiese Kerk is op die dag van die Pinksterfees gestig, hoewel baie mense vandag vergeet dat Pinkster een van die Bybelse Heilige Dae is wat God aan Sy volk gegee het. Ons lees

in die boek Handelingte dat 'n menigte mense byeengekom het om die Pinksterfees te onderhou. Die Apostels het vir hulle gepreek en duisende mense is tot bekering gebring. Mense het saam vergader om die dag te onderhou omdat die Bybel dit beveel het! “Dan moet jy die fees van die weke hou vir die HERE jou God” (Deuteronomium 16:10), “die fees van die oes” (Exodus 23:16), “En op die dag van die eerstelingte” (Númeri 28:26). Vandag verstaan ware Christene dat Pinksterfees daardie stadium in God se plan van verlossing herdenk wanneer Hy die “eerstelingte” tot redding roep uit die teenswoordige wêreld om hulle voor te berei om in die Millennium onder Christus te heers.

### Wat is die “Evangelie”?

Jesus Christus die Messias, het gekom om 'n boodskap te bring wat baie mense mag **dink** hulle ken, maar wat verbasend min eintlik regtig **verstaan**. Wat het Jesus verkondig? “Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:15). Jesus het onderrig dat dit tyd was om op te hou sondig, Sy boodskap te glo en vir die toekomstige Koninkryk van God voor te berei.

Het **u** u bekeer? Om “te bekeer” beteken om te erken dat u gesondig het en die Tien Gebooie, God se Wet, oortree het. Dit beteken nie net om jammer te wees en 'n afkeer in u sondes te hê nie, maar om

daardie sonde sóveel te haat dat u daarvan wegdraai en 'n nuwe lewe sonder daardie sonde begin lei. Bekering beteken om u daartoe te verbind om u lewe met God se hulp te verander. Wat is sonde? Johannes skryf: “Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid” (1 Johannes 3:4). Soos die Nuwe Vertaling dit stel: “Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God.”

U kan nie die Evangelie **glo** tensy u dit **verstaan** nie! Mense wat **sê** hulle glo in Jesus Christus glo in werklikheid nie of handel nie volgens wat Hy verkondig het nie. Jesus vra: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46). Indien u werklik 'n Christen is, sal u doen wat Jesus beveel het. Indien u werklik 'n Christen word, sal u Jesus nie op 'n abstrakte manier as 'n “Verlosser” aanvaar wie u nie gehoorsaam nie, maar as u Heer en Meester en u sal dan daarna streef om Hom met die hulp van die Heilige Gees te gehoorsaam. Soos Paulus skryf: “Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam” (1 Korintiërs 6:19-20).

Ware Christenskap is 'n lewenswyse. Sodra u u bekeer, die Evangelie glo en u lewe aan Jesus Christus verbind deur die doop, kan Hy in u deur die

Heilige Gees leef. Dan kan u as 'n Christen groei en u lewe van selfsug verander na een van diens en liefde vir God en u medemens. Diegene wat vandag deur God geroep word, word nie net vir hulle eie heil geroep nie. Soos ons vroeër gesien het, roep Hy hulle ter voorbereiding om in Sy toekomstige Koninkryk as konings en priesters te dien. Die eerste geleentheid om te regeer sal in die Millennium wees – die tydperk van 'n duisend jaar wat in u Bybel beskryf word, wanneer Jesus oor 'n geneesde aarde sal heers. Soos Johannes skryf: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Openbaring 20:6).

### **Van waar sal Christus regeer?**

Waarvandaan sal Jesus oor die aarde regeer? Hy sal vanuit Jerusalem regeer. Hy sê: “Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon;” (Sagaria 8:3). Trouens, wanneer Hy regeer, sal Jerusalem 'n ander naam hê. Die heel laaste vers in die boek Esegïel verklaar dat “die naam van die stad sal van vandag af wees: Die HERE is daar!” (Eségiël 48:35). In Hebreeus is daardie naam *Yahweh Shama*. Van daar sal Hy oor Sy Koninkryk heers: “En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde” (Sagaria 14:9).

Wanneer Christus terugkeer om oor die aarde te heers, sal Hy en die verheerlikte heiliges oor die nasies heers – oor fisiese mense. Christus sal die nasies die lewensweg leer wat vrede meebring. Vandag se Christene – wat as geestelike wesens opgewek sal word (die “eersteling”) – sal onder Sy leiding as konings en priesters oor stede en nasies heers (sien Lukas 19:17; Openbaring 2:26). Hierdie konings en priesters sal die wêreld aangaande God se waarheid opvoed. Let op hierdie inspirerende Skrifgedeelte wat diegene beskryf wat in die Millennium in God se wêreld opgelei sal word: “Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie – maar jou oë sal jou leraars sien” (Jesaja 30:20). **U** kan een van daardie onderwysers wees. Wat sal die verheerlikte heiliges – die konings en priesters – aan mense leer? “... en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan” (vers 21).

In die Millennium sal die onderwysers God se Wet onderrig. Die profeet Jesaja gee ons 'n inspirerende voorsmakie van wat sal kom. “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom

laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem” (Jesaja 2:2-3).

Die mensdom se dikwels teenstrydige en onregverdige wette sal nie meer bestaan nie. God se Wette sal uit Jerusalem geleer en administreer word. Die Tien Gebooie is die grondslag van daardie Wette. Onthou, Jesus het gesê: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie” – Hy het voortgegaan om 'n paar van die Tien Gebooie te lys (Matthéüs 19:17). In werklikheid het Jesus in Sy “Bergpredikasie” voortgegaan om die Tien Gebooie **uit te brei**. Hy het dit meer omvattend en bindend gemaak, omdat Christene die Tien Gebooie in die gees behoort te onderhou, nie net in die letter nie!

Wat sal die effek van God se Regering hier op aarde wees? “En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; hulle sal van hulle swaarde pikke smee en van hulle spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:4).

Wanneer Christus terugkeer, sal Hy die hele wêreld opvoed in die weg van vrede. “Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat

**Vervolg op bladsy 16**



# Die werke van Sy hande

## Tuiste, lieflike (kosmiese) tuiste!

Deur Wallace G. Smith

Al die verslae en foto's wat ons van maanlandingstuie, Mars sweeftuie, Jupiter wenteltuie, verre ruimte projektiele en alle ander robotagtige ondersoekers van ons hoekie van die heelal ontvang het, het dieselfde boodskap oorgedra: Dit is 'n warboel daar buite. Al die planeete en mane wat ons tot dusver met ons ruimte- en sweeftuie ondersoek het, blyk redelik onherbergsaam te wees. Elke planeet behalwe een: Hierdie pragtige wêreld wat ons Aarde noem.

Laat ons die tyd afstaan om die kosmiese tuiste te waardeer wat ons genadige Skepper vir ons tot stand gebring het.

Dit is maklik om ons planeet en sy geskiktheid as vanselfsprekend te aanvaar – op stuk van sake is dit al wat die meeste van ons tog ken! 'n Kort toer deur ons sonnestelsel en die ander planeete wat in hulle wentelbane om die son wentel kan ons help om dit ten volle te waardeer as gevolg van die kontras wat dit ons bied.

### 'n Toer van ons onherbergsame bure

Die klein planeet wat ons Mercurius noem is die naaste aan die son en dit bied geen tuiste aan die mensdom nie. Omdat dit feitlik geen atmosfeer het nie kan mens nie op Mercurius asemhaal nie. Selfs al sou mens kon, sou u nie lank daar wou bly nie: Aan die

sonkant is die temperatuur so hoog soos 800° F [427° C], terwyl dit aan die kant weg van die son so laag as *minus* 280° F [138° C] is!

Verder van die son af, maar steeds nader as die aarde, is die planeet Venus. Dit word deur wolke omhul en is min of meer dieselfde grootte as die aarde. U mag dalk vlugtig dink dat Venus soos die aarde kan wees maar u sal verkeerd wees! Die planeet word omhul deur 'n drukkende digte atmosfeer van kool-suurgas. Die lugdruk op die oppervlak is sterk genoeg om 'n kernduikboot inmekaar te druk. Met 'n oppervlak-temperatuur wat selfs warmer is as dié van Mercurius – meer as 850° F [454° C] – sou die mens geen welkome ervaring in hierdie somber, verdoemende landskap beleef nie.

Die planeet Mars beloof meer verwelkomende temperature – indien u 'n ongebonde idee van “welkom” het! Op sy ewenaar kan die temperatuur van Mars redelik draaglik gedurende die dag wees – tot so 70° F [21° C] – maar u sal meer as 'n kombars in die nag nodig hê wanneer dit tot 100° F [38° C] onder vriespunt daal. Terwyl u dan besig is om te verkleum, moenie eers daaraan dink om asem te haal nie, aangesien die atmosfeer 100 keer dunner is as op die Aarde. Soos al die foto's aandui wat ons van ons swerftuie op Mars ontvang, is dit

'n dooie planeet en geen tuiste vir die mens nie. Hierdie planeet wat die mensdom hoop om eendag te koloniseer, is 'n onherbergsame plek.

Asof dit nie erg genoeg is nie, bied die planeete verder weg van Mars, nog minder geleentheid vir 'n vakansie! Dit is almal “gasreuse” – ontsaglike groot planeete wat meestal uit warrelende wolke van giftige gas bestaan wat in dik, versmorende komberse dit heeltemal onherbergsaam vir menslike oorlewing maak. Die majestieuse Saturnus en sy verstommende ringe mag dalk 'n merkwaardige skouspel in 'n teleskoop wees, maar dit sal nie so wonderlik wees om daar te woon nie!

Ja, in ons sonnestelsel lyk dit asof daar geen ander herbergsame plek vir die mensdom is om te lewe nie, behalwe een: Ons pragtige Aarde.

### 'n Seldsame kosmiese juweel

Dit is inderdaad 'n *pragtige plek!* Ons blou en groen planeet wat wemel van lewe, staan bo al die ander bekende plekke in die heelal uit as 'n volmaakte tuiste vir die mensdom. Dit is sekerlik slegs as gevolg van baie fyn ingestelde toestande wat op 'n God dui wat ons liefhet en vir ons sorg.

In hulle boek *Rare Earth: Why Complex Life Is Uncommon in the Universe*, beklemtoon die geoloog en paleon-

toloog Peter Ward en die astrobioloog Donald Brownlee die geweldig baie faktore wat die aarde so 'n ongelooflike sonderlinge plek in die heelal maak. Byvoorbeeld, ons afstand van die son af is net presies reg om vloeibare water te maak wat so noodsaaklik is vir lewe op die oppervlak. In kombinasie met ons spesiale afstand vanaf die son, die persentasie-samestelling van seewater en landoppervlakte wat help om temperature in bedwang te hou, weerhou dit die uiterste skommeling wat ongunstig vir lewe is. Daar word geglo dat die teenwoordigheid van een groot maan help om die kanteling van ons planeet te stabiliseer sodat ons gebalanseerde seisoene en klimaat beleef.

So 'n kort lys is maar net die begin! Ons planeet is nie net in 'n "Gouelokkies"-sone rondom die son nie – dit lê ook in 'n seldsame "Gouelokkies"-sone in ons uitgestrekte *sterrestelsel*. Die Aarde bestaan in 'n relatief veilige deel van die ruimte, met geen lewensvernietigende "magnetar" sterre of ander kosmiese hindernisse in die nabyheid wat alle lewe in 'n oogwink kan uitwis nie. Die Aarde beskik ook oor 'n oorvloed chemikalieë wat voordelig vir lewe is – nie net water en suurstof nie, maar verskeie metale en ander stowwe. Ons is geseënd met 'n kosmiese "stofsuiër" in ons sonnestelsel: Die reuse planeet Jupiter, met sy enorme aantrekkingskrag wat ons streek "skoonmaak" van die afval wat die Aarde kon tref en dit verwoes. Talle faktore is deur

wetenskaplikes soos Ward en Brownlee saamgestel wat die Aarde se unieke bestaan ideaal geskik maak vir lewe – 'n uiters seldsame gebeurtenis in die heelal. Op skynbaar eindelose maniere wil dit tog voorkom asof ons planeet ontwerp is met vorms van lewe soos ons s'n in gedagte.

### **Die fokuspunt van God se plan vir die heelal!**

Geen wonder nie, want die aarde is ontwerp met ons in gedagte! Deur Goddelike inspirasie beskryf die profeet Jesaja die God wat ons wêreld geskep het. Die God "wat die aarde geformeer en dit gemaak het – Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word" (Jesaja 45:18).

Die mensdom is die toppunt van God se skepping en die fokus van Sy plan is om 'n goddelike Gesin te skep om alles te beërf! (Sien ons artikel "*Maak gereed om die aarde te beërf!*" elders in hierdie uitgawe.) Dit sal altyd 'n belangrike rol in God se plan speel, selfs wanneer die verheerlikte Gesin van God regoor die heelal versprei is. God se Woord beloof dat, ná Sy reddingsplan voltooi is en die skepping gesuiwer en gereinig is van sonde, God "nuwe hemele en 'n nuwe aarde [sal vestig] waarin geregtigheid woon" (2 Petrus 3:10-13).

Die beroemde wetenskaplike Carl Sagan het een keer oor 'n foto nagedink wat deur die ruimtetuig Voyager 1 geneem is toe dit ongeveer 3,7 miljard myl

[5,9 miljard km] van die Aarde af was. Die foto was deel van 'n enkele mosaïek van ses foto's van die agt planete van die sonnestelsel – 'n unieke en merkwaardige "Gesinsfoto" van ons plaaslike versameling van wêreld, waarin elke planeet as 'n piepklein puntjie van dowwe lig in die duisternis van die ruimte verskyn. Terwyl hy kommentaar gelewer het op die eensame "bleek, blou kolletjie" wat die aarde daar in die uitgestrektheid van donkerte verteenwoordig, het Sagan geskryf: "Ons aanstellerige houdings, verwaande selfbelangrikheid, die wanvoorstelling dat ons een of ander bevoorregte posisie in die heelal het, word deur hierdie puntjie van bleek lig betwis. Ons planeet is 'n eensame spikkeltjie in die groot omvattende kosmiese donkerte. In ons verganklikheid – in al hierdie uitgestrektheid – is daar geen aanduiding dat daar van elders af hulp sal kom om ons van onself te red nie" (*Pale Blue Dot*, bl. 7).

Hierdie is 'n beskeie gedagte, maar in beginsel ook gebrekkig. Wanneer ons aan die Grote God dink wat daardie bleek, blou kolletjie geskape het – hierdie uitsonderlike en pragtige oase wat deur die Skepperhand geskep is en wat groot planne vir sy inwoners het – dan is daar meer as 'n "aanduiding van hulp". Daar is die versekering van 'n God wat ons liefhet.

Waarlikwaar, daar is geen plek soos ons tuiste nie. **WtM**

# Vrae & Antwoorde

## “Goeie Vrydag” Nie goed nie?

**VRAAG:** Ek het in my Bybel gesoek vir bewyse van “Goeie Vrydag” wat my kerk vier, maar ek kon dit nie vind nie. Wat sien ek nie raak nie?

**ANTWOORD:** U behoort geprys te word dat u die Skrif so noukeurige lees! Die Bybel openbaar wat Jesus Christus op die Vrydag voor sy opstanding gedoen het – maar die waarheid is nie wat die meeste belydende Christene vandag glo nie!

Ons weet uit die Skrif dat Christus drie volle dae en nagte – 72 uur – in die graf was. Hy moes dit doen ten einde die Bybelse teken van Jona te vervul, soos Hy aan die skrifgeleerdes en die Fariseërs verklaar het: “Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, sô sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Matthéüs 12:39-40).

Hierdie feit op sigself bewys dat die algemeen aanvaarde “Goeie Vrydag tot Paassondag” kronologies nie korrek kan wees nie, aangesien die kruisiging van Jesus op 'n Vrydagmiddag Hom tot Maandagmiddag in die graf moes hou.

Wanneer sê die Skrif dan, is Christus opgewek? Let op hierdie Skrifgedeelte: “En op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie” (Johannes 20:1-2).

Maria Magdalena se besoek op die “eerste dag van die week” beteken dat sy ná die Sabbat na Christus se graf is, met ander woorde in die nagtelike ure – voor die son die Sondag opgekom het – maar Jesus was nie meer in die graf nie. Tel dus 72 uur terug en dit is onmoontlik dat Jesus op 'n Vrydag gekruisig is!

Die Skrif openbaar dat Jesus omstreeks 15:00 gesterf het (Matthéüs 27:46-50). Die Evangelie volgens Johannes gee ons nog 'n belangrike besonderheid oor wat onmiddellik ná Sy dood gebeur het. Ons lees: “En dat die liggeme nie op

die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was – want die dag van daardie sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word” (Johannes 19:31).

Die “Voorbereidingsdag” is die dag voor die Sabbat, wanneer take van alledaagse werksaamhede verrig word in afwagting op die komende Sabbatsrus. Ons het dus reeds gesien dat Vrydag nie die dag van Christus se dood was nie, aangesien Hy reeds 72 uur dood moes wees voor die einde van die sewende dag van die week! Is dit 'n skynbare teenstrydigheid in die Bybel? Nee! Let op die beskrywing dat die komende Sabbat 'n “groot dag” sou wees. Dit is 'n verwysing na een van die “jaarlikse Sabbatte” (Levitikus 23:6-36). Christus is in die ure onmiddellik voor die Eerste Dag van Ongesuurde Brode gekruisig (vers 6).

Ons weet dus uit die Skrif dat Jesus Christus kort voor sononder, voor die Eerste Dag van Ongesuurde Brode aangebreek het, begrawe is. Ons weet dat Hy 72 uur later, voordat die eerste dag van die week begin het, opgestaan het. Dit beteken dat Hy teen die einde van die weeklikse sewende-dag Sabbat opgestaan het. Hy moes dus op 'n Woensdag gekruisig gewees het – nie op “Goeie Vrydag” soos so baie mense nou glo nie. Op “Goeie Vrydag” was Jesus dood en in die graf, ter vervulling van die profesie.

Kerke wat aan die Goeie Vrydag en Paassondag tradisies vashou, ontken nie net die duidelike woorde van die Skrif nie, maar ook die enigste teken wat Jesus as bewys van Sy Messiaskap gegee het. Indien u 'n Messias aanbid wat op die Sondag opgestaan het na net 36 uur in die graf, aanbid u nie die ware Jesus Christus van die Bybel nie, maar eerder 'n vervalsing wat deur mense uitgedink is en u aandag van God en Sy Waarheid wil wegneem. Vir meer inligting oor valse leerstellings wat aan die opstanding van Jesus Christus geheg word, vra asseblief u gratis eksemplaar van ons boekie *EASTER the Untold Story*, aan. **WVW**

# Keerpunte in

## Europa se unieke rol in die geskiedenis

In 'n vorige artikel in hierdie reeks, het ons gesien hoe God by verskeie geleenthede dramaties ingegryp het om die verloop van geskiedenis te lei. Ons het gesien hoe Hy Europa bewaar en voorberei het om 'n unieke rol te speel op die wêreldtoneel (“Europa, Christendom en God se plan” in die Wêreld van Môre Januarie-Februarie 2018). Verder het ons ook gesien hoe Sy ingryping die weg gebaan het vir die maatskaplike en godsdienstige invloed wat tot vandag toe die wêreld gevorm het. By kritieke keerpunte wat die toekomstige rigting van die wêreldgeskiedenis bepaal het, was die Perse, die Moslems en die Mongole elkeen op sy beurt *verhinder* om die vasteland van Europa te verower en hulle godsdienstige kulture oor die kontinent te versprei. Vandag verstaan min mense egter *waarom* die volke van Europa so teen hierdie buitelandse veroweraars beskerm was. Nog minder mense besef *hoe* God die oorblywende *ware* Christenskap bewaar het, dié wat onder ander mededingende weergawes van “Christelikheid” verstrooid was en geworstel het om die Europese vasteland te oorheers. Europa was inderdaad 'n belangrike platform waardeur God Sy plan op aarde uitgewerk het.

### 'n Nuwe belofde land

Baie nasies van Noordwes-Europa (met inbegrip van Skandinawië en die Britse Eilande) neem aan dat hulle heidene is, omdat hulle *nie Joods* is nie. Mense besef egter nie vandag dat die Jode hoofsaaklik *twee* van die stamme van Israel verteenwoordig nie: Juda (waarvandaan hulle naam kom) en Benjamin. Die Bybel openbaar dat *tien ander stamme* ook afstammeling van die Bybelse patriarg Jakob is (sien Génesis 49). Na 'n tydperk van ballingskap in Assirië, het baie Israelitiese stamme na Noordwes-Europa immigrer – waar hulle vermenigvuldig en die beloftes vervul het wat God vroeër aan Abraham en sy nageslag gemaak het. Die afstammeling van hierdie Europese Israeliete het later oor die hele wêreld versprei en hulle godsdienstige idees en kulturele waardes met hulle saamgeneem (sien ons boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid Afrika?*). Heelwat van die Israelitiese nasies (Amerika, Brittanje, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika) vorm wat nou die “Anglosfeer” genoem word. Die Franse, Nederlanders, Belge, Switsers en Skandinawiërs maak ook deel uit van die verspreide Israelitiese nasies.

Saam het hierdie Israelitiese volke geskiedenis van die wêreld vir die afgelope vyf honderd jaar oorheers, maar min mense verstaan *waarom* dit gebeur het.

Die Bybel boekstaaf dat God Sy Wette aan Sy uitverkore volk gegee het, sodat hulle as ligte en voorbeeld vir die wêreld kon dien en die seëninge van 'n Bybels-gebaseerde kultuur met die hele mensdom gedeel kon word (Deuteronómium 4:1-8). Hierdie goddelik geïnspireerde Wette, hoe onvolmaak dit ookal deur die moderne afstammeling van Israel nagekom word, het 'n unieke rol gespeel om die Westerse beskawing apart van die res van die wêreld te stel. Dit het 'n rol gespeel in *waarom* God Europa van totale en permanente buitelandse verowering in vorige geskiedkundige tydperke bewaar het. God het die Israelitiese nasies bestem om Sy “dienaars” te wees (Jesaja 44:21) en om 'n kragtige en positiewe impak op die wêreld te hê. Hy het die loop van die Europese geskiedenis gelei om Sy doel 'n werklikheid te maak (vgl. Jesaja 46:9-10). Ons sal hierdie boeiende onderwerp in toekomstige artikels in hierdie reeks ondersoek. Tog het die Israelitiese nasies nie altyd hulle Godgegewe opdrag vervul nie en dit sal in die toekoms tot gevolge lei.



# wêreldgeskiedenis

## Katakombes, kastele, grotte en kruistogte

Die vasteland van Europa het nog 'n ander unieke rol in die vervulling van God se plan vir die mensdom gespeel. Jesus sê dat Hy gekom het om 'n Kerk te bou wat nooit sou uitsterf nie (Matthéus 16:18). Hy beskryf Sy kerk as 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32) wat vervolgd sou word (Johannes 15:20), maar wat aan Sy leerstellings sou vashou (Johannes 17:17; Openbaring 3:8). Terwyl ware Christenskap feitlik uit die lande van hulle oorsprong in die Midde-Ooste en Noord-Afrika, as gevolg van die gewelddadige verspreiding van Islam en ander magte verdwyn het, het die geografiese en politieke faktore in Europa gesamentlik die oorlewing van Jesus se getroue volgelingen toegelaat, asook die bewaring van die leerstellings van ware Christelikheid.

Die Bybel sowel as die sekulêre geskiedenis teken aan dat Jesus en Sy volgelingen deur Joodse godsdienstige leiers en Romeinse burgerlike owerhede vervolgd is – 'n dodelike onderdrukking wat tot lank ná Sy dood en opstanding voortgeduur het. Gedurende die verskriklike vervolgings wat deur die heidense Romeinse keisers ontken is, is Christene opgesluit, gemartel en vir wilde diere gegooi om juigende skares te vermaak. In hierdie milieu is baie

Christene gedwing om in die geheim in ondergrondse katakombes van Rome te aanbid of in afgeleë plattelandse gebiede. Selfs toe 'n vervalste en afvallige weergawe van die Christendom deur die Romeinse Ryk aangeneem is, het 'n paar vasberade mense besluit om die werklike leerstellings van Jesus en die Apostels te volg – onderhouding van die sewende-dag Sabbat, die Bybelse Heilige Dae en die doop van volwassenes – nie kinders nie – asook ander leerstellings. Hiervoor is hulle vir vervolging geteiken deur die Rooms-Katolieke biskoppe van Rome. Hierdie ware Christene het uitgestaan bo diegene wat begin het om nie-Bybelse gebruike en leerstellings aan te neem – soos om Kersfees, Paasfees en "Dae van die Heiliges" te vier en om die heidense leerstelling van die onsterflike siel aan te neem. Dit is dus vir heidene makliker gemaak om hulle tot die verdraaide "Christelikheid" van die magtige Roomse Kerk te "bekeer" (sien Will Durant, *Caesar and Christ*, bl. 595).

In 'n poging om eenvormigheid met die Roomse Christendom af te dwing, het die pouse in Rome begin om kruistogte van stapel te stuur teen sogenaamde godsdienstige "kettere" wat hierdie "verchristelike" heidense gebruike en leerstellings verwerp het. As gevolg

van die vervolging en moord wat deur die Roomse kerk aangehits is, het die Albigense en Katarese in die suide van Frankryk na kastele in die bergpieke gevlug waar hulle deur simpatieke leiers beskerm is. Die Waldense in Noord-Italië het na onbereikbare Alpyse valleie teruggetrek en somtyds in grotte aanbid om hulle geloof te onderhou. Die Paulitane in Klein-Asië en die Bogomille in die Balkans is ook deur die Roomse kerk en die Bisantyne vervolgd. Selfs in Engeland, waar Protestantisme algemeen was, is gelowiges wat met die leerstellings en voorbeeld van Jesus en die Apostels volgehou het (onderhouding van die Sabbat, die Bybelse Heilige Dae en Bybelse gesondheids-wette), deur die Kerk van Engeland vervolgd omdat hulle hul nie aan die leerstellings onderwerp het wat deur die Roomse kerk oorgedra is nie (sien ons boekie oor God se Kerk deur die eeue).

Die dokumente van baie van hierdie vervolgte groepe is vernietig en vergete terwyl bestaande verklarings van hulle oortuigings dikwels deur hulle ondervraers en vervolgers verdraai is. Tog kan die spoor van hulle ware geloof gevind word in oorblywende groepe wat verspreid in Europa gewoon het of uiteindelik na die Nuwe wêreld gevlug het, waar sommiges selfs die Bybelse naam van "Kerk van

God” gebruik het (1 Korinthiërs 1:2; 10:32; etal.).

Vanuit die gunstige posisie van die geskiedenis, dui die getuigenis daarop dat God Europa bewaar het – sodat buitelandse invallers dit nie sou oorrumpel nie – soos in 'n wieg, waarin Hy die verspreide Israelitiese nasies kon ontwikkel en dit vir hulle moontlik gemaak het om 'n lewensbeskouing vir

beskawing te ontwikkel wat die wêreld sou beïnvloed. Soos Jesus voorspel het, het God ook Sy Kerk *gedurende* verskeie vegtende verdeeldheid van die sogenaamde “Christelikheid” bewaar wat geworstel het om die Europese vasteland te oorheers. Bybelprofesieë openbaar dat wanneer Jesus Christus weer kom, die gelowiges wat aan Sy

leerstellings getrou was, by die Koning van die konings sal aansluit om die Koninkryk van God op hierdie aarde te vestig (Openbaring 11:15-18) in wat die *laaste keerpunt* in die geskiedenis van die wêreld sal wees.

—*Douglas S. Winnail*

### Vervolg vanaf bladsy 16 – Maak gereed om die Aarde te beërf

(Deuteronómium 8:6-10).

#### U glorieryke toekoms

Kan u in u geestesoog u deelname sien in die opvoeding van die nasies om God se Gebooie te gehoorsaam en om alle mense te help om die oorvloedige lewe te hê soos wat God aan hulle beloof? Indien u een van die “sagmoediges” is – iemand wat eerder God se wil soek as u eie – kan God u gebruik om Sy weë aan ander mense te leer.

Ons planeet staan selfs vandag nog soos 'n juweel uit in die uitgestrektheid van die ruimte. Daar kom egter 'n tyd wanneer God die aarde met vuur sal reinig en suiwer en hernu voordat die hemel na die aarde sal kom (2 Petrus 3:10-13). Soos die apostel Johannes skryf: “En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is

by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die tranes van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut” (Openbaring 21:2-5).

U kan deel wees van daardie ontsaglike toekoms. In Romeine 8:17 noem God Sy kinders Sy erfgename en “mede-erfgename van Christus”. As erfgename van God, sal getroue Christene nie net die aarde beërf nie – maar ook die heelal. Ons lees: “Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook **alles** genadiglik skenk nie?” (Romeine 8:32). Dan ook weer: “**Alle dinge** het U onder sy [die mens] se voete gestel” (Hebreërs 2:8).

In hierdie laaste twee verse

is die Griekse uitdrukking wat as “alles” vertaal word, *ta panta*, wat letterlik “die alles” beteken – met ander woorde, alles wat sigbaar en onsigbaar is. Ja, getroue Christene sal uiteindelik die hele heelal erf! Vandag droom baie van ons om na die verste uithoeke van die sterrestelsel [melkweg] te reis. Ons verwonder ons aan die skoonheid van die sterre, die newelvlekkie en ander ontsagwekkende en pragtige kenmerke van ons heelal. Die tyd sal aanbreek wanneer vandag se getroue Christene in staat sal wees om teen die spoed van 'n gedagte deur die heelal te reis!

Ja, God wil hê dat u die aarde en nog baie meer erf! Soos Hy aan ons sê: “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir My 'n seun wees” (Openbaring 21:7). Mag God ons almal help om Hom en Sy Koninkryk te soek, sodat ons binnekort die aarde, die heelal en alle dinge kan erf! **WvM**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

Psalm 9:11 sê hy: “En hulle wat u Naam ken, sal op U **vertrou**. omdat U die wat U soek, nie verlaat nie, o HERE!” Dwarsdeur hierdie en *talle* bykomende verse wat God deur Dawid geïnspireer het, bevestig ons Skepper *hoe belangrik* dit vir Hom is dat ons sal leer om ware *vertroue* en **geloof** in Hom te hê. Wanneer u van hierdie geloof regdeur die Bybel lees, is dit dié geloof wat tot *gehoorsaamheid* lei en die gewilligheid om te doen wat God sê, maak nie saak wat nie!

Ons behoort dikwels die pragtige weergawe te lees en te herlees, van die uiteindelijke “toets” wat God aan die “vader van die gelowiges”, die aartsvader Abraham gestel het. Die Almagtige God het ná Abraham se gewilligheid om sy enigste seun aan Hom te offer, gesê: “... want nou **weet** Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie” (Génesis 22:12). Later sê God: “En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem **geluister** het” (vers 18). Weereens sien ons dat absolute *geloof* wat tot **gehoorsaamheid** lei 'n belangrike element is in die tipe karakter wat God begeer *elkeen van ons* sal hê wanneer ons die “vader van die gelowiges”, Abraham, sal volg en die ewige lewe gegee word in die Koninkryk van God.

**Die enigste manier om daardie moed te ontwikkel**

Onthou asseblief! God sal **nie** enige siel “red” waaroor Hy nie heers nie. U moet gewillig wees om te doen wat God sê en die *geloof* en *moed* hê om Hom te gehoorsaam in die gevaarlike tye wat binnekort voorlê, maak nie saak wat gebeur nie. Die *enigste* manier om daardie *geloof* en **moed** te ontwikkel is deur opreg te “soek na God” en om

'n innige verhouding met Hom deur Sy Seun, Jesus Christus te hê. Christus moet letterlik Sy lewe deur die Heilige Gees in u **leef**! Soos die apostel Paulus geïnspireer was om te skryf: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus **leef** in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof [van] die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het” (Galásiërs 2:20).

*Indien* u die Bybel werklik **bestudeer**, die kragtige boekies wat ons absoluut gratis aan u stuur noukeurig lees en bestudeer om dit aan uself te **bewys** en só leer om “met God te wandel”, *dan* – en *slegs dan* – sal die ewige lewe in God se Koninkryk u beskore wees! God se Koninkryk is nie 'n “gevoel in u hart” nie. Dit is 'n werklike **regering** onder Jesus Christus wat op hierdie aarde binne die volgende klompie jare gevestig gaan word. Al hierdie gebeure wat in u Bybel geprofeteer is gaan u persoonlike lewe **kragtig** beïnvloed.

Die Almagtige God wil nie 'n klomp geestelike “sissies” in Sy toekomstige Regering hê wat nie hulle volle *vertroue* in Hom sal stel en nie *gehoorsaam* sal wees aan Sy Seun, Jesus Christus, wat binnekort as Koning van die konings gaan terugkeer nie. *Dit* is waarom God sê: “Maar wat die **vreesagtiges** aangaan en die **ongelowiges** en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die **leuenaars** – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swavel: dit is die tweede dood” (Openbaring 21:8).

Geagte Intekenare, neem asseblief nie hierdie dinge **ligtelik** op nie! Na aan die einde van Sy geïnspireerde Woord, sê God aan u en my dat ons werklik dié soort **lewende geloof** moet ontwikkel wat ons sal voorberei om te *doen*

---

**Besoek ons webwerf by: [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)  
of vir Engelse literatuur: [www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)**

---

Onthou asseblief om in te skakel op  
***Tomorrow's World*** TV-program van  
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,  
**kanaal 263** op DStv.

wat God sê en om ons Skepper te **gehoorsaam**, selfs wanneer heerlikheid en mag en majesteit aan ons ver bo ons verwagting in die Koninkryk van God gegee sal word. Dit is dus 'n duisend maal oor en oor "die moeite werd". Dit is iets waarin ek en u diep betrokke behoort te wees!

Kry dus u Bybel en **bestudeer** hierdie openbaring van God op u knieë! *Bid* elke dag van u lewe vuriglik en gereeld tot God. **Mediteer** oor

Sy Woord en dink diep ná oor waarom u hier is, waarheen u op pad is en *hoe* om daar uit te kom. **Niks** is belangriker indien u **vir ewig** wil lewe nie.



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
 Privaatsak X 3016  
 Harrismith, FS  
 9880**

**of skakel : 058 622 1424  
 en meld dat u navraag doen  
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**